

Hoofstuk 1

Aweh, Afrikaans!

Luister en praat

Aktiwiteit 1.1 Luisteroefening

Hierdie luisteroefening dien ook as **Formele Assesseringtaak 1**. Tydens pre-luister moet die leerders bekend gestel word aan woordeskat en die agtergrond wat nodig is om hierdie leesstuk te verstaan. Begin deur die volgende woorde te verduidelik:

<i>mengelmoes</i>	<i>kultuurmengbak</i>	<i>klipstegies</i>	<i>slawe</i>	<i>stigting</i>
<i>bemagtiging</i>	<i>taalerfenis</i>	<i>roti</i>	<i>samoesas</i>	<i>plaaslike kunstenaars</i>

Maak seker almal in die klas weet waar die Bo-Kaap geleë is en wie daar woon. Dan word die leerder se geheue verfris oor die neem van notas. Maak seker dat die leerders weet hulle gaan hierdie notas later nodig kry om 'n informatiewe paragraaf oor die Bo-Kaap en Afrikaans te skryf.

Druk die volgende aspekte oor notas neem vir 'n luisteroefening op hul harte:

- ☐ Skryf altyd eerste die titel van die teks neer en maak seker dat jy dit verstan.
- ☐ Stel vir jou 'n raamwerk saam wat bestaan uit die hoofgedagtes wat in die leesstuk uitgelig word.
- ☐ Skryf dan sleutelgedagtes neer wat onder elke hoofgedagte pas.
- ☐ Luister veral vir werkwoorde en feite.
- ☐ Kyk na die leser se lyftaal.

Hier volg die leesstuk wat twee keer voorgelees word.

SBA vier Erfenisdag in Bo-Kaap **21 September 2016 06:00**

Jy sal nie verstaan waarom die Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans juis besluit het om Erfenisdag in die Bo-Kaap te vier as jy nie eers die geskiedenis van Afrikaans ken nie. Hoewel Afrikaans se verhaal reeds lank voor 1652 met die aankoms van die Hollanders aan die Kaap begin, het Afrikaans uiteindelik ontstaan uit die mengelmoes tale en nasies wat aan die suidpunt van Afrika in 'n kultuurmengbak saamgegooi is. Buiten daardie Hollandse invloed na 1652, was daar twee ander belangrike groepe wat 'n bydrae gelewer het tot die ontstaan van Afrikaans. Hierdie twee groepe is die Khoi en die Maleise slawe van wie baie Kaaps-Afrikaans sprekers in die Bo-Kaap familie is. Afrikaans se wortels lê dus beide binne en buite Suid-Afrika. Vandag is die Bo-Kaap wel bekend vir sy tradisionele kookkuns, helderkleurige huise en nou klipstegies, maar veral vir die Afrikaans wat hulle daar praat, meer spesifiek "Afri-Kaaps" – die vernaamste taal in die Bo-Kaap.

As jy in die Kaap kuier en wonder wat presies Kaapse Afrikaans of Afri-Kaaps is, kan jy uitkyk vir dié eiiesoortige kenmerke:

- ☐ Die gebruik van "ge-" saam met Engelse woorde: *ge-hijack*, *ge-rob*.
- ☐ Die weglating van medeklinkers aan die einde van woorde: *vi* 'pleks van vir, *see* 'pleks van seer, *ma* 'pleks van maar.
- ☐ Die besitlike voornaamwoord "ons" se konstruksie wyk af van die standaard deurdat die voornaamwoord in sy verboë vorm gebruik word: *onse mense*, *onse taal*.
- ☐ Die gebruik van Engelse woorde asof dit Afrikaans is: *check*, *guns*.
- ☐ Assimilasie kom besonder baie voor: *ammal*, *anners*, *kinders*.
- ☐ Ontronding van klinkers: *yt* pleks van uit, *hyze* pleks van huise, *lyster* pleks van luister.

Die wortels van Afrikaans lê dus in die Bo-Kaap, soos die ikoniese Bo-Kaapse taalkenner, dr. Achmat Davids, bevind het. Terwyl Hollands in die res van die Kaap gepraat is, het die inwoners van die Bo-Kaap, wat meestal slawe was, reeds Afrikaans gepraat. Die eerste Afrikaanse skool het dan ook in die Bo-Kaap ontstaan.

Die Stigting vir Bemagtiging deur Afrikaans (SBA) het besluit dat hierdie waardevolle erfenis nie verlore mag gaan nie. Vir die afgelope paar jaar trek hierdie organisasie dus sy loopskoene aan om Erfenisdag in September deur die strate van die Bo-Kaap te vier. Almal word dan uitgenooi om saam te stap.

Deelnemers stap 'n roete van 7 km. Die doel van hierdie staptog is om mense van verskillende agtergronde bymekaar te bring.

Die staptog begin gewoonlik om 10:00 en niemand hoef te betaal om deel te neem nie. Registrasie vind tussen 07:30 en 09:30 by die sentrum in Pentzstraat in die Bo-Kaap plaas. Dis hier waar die staptog begin en eindig.

Wat die inskrywing uniek maak, is dat daar nie tradisionele inskrywingsnommers is nie. Elke stapper se inskrywingsnommer is 'n spesifieke idioom. Die organiseerders wil hierdeur ook Afrikaanse idiome as 'n taalerfenis laat herleef.

Daar word goed vir die stappers gesorg. Deelnemers kry elkeen 'n bottel water by die beginpunt en dan word hulle gelawe met yskoue koeldrank aan die einde. Daar is ook 'n medalje van die Afrikaanse Taalraad vir elke deelnemer. Kaaps-Maleise kos soos roti, kerrie, samoosas, koesisters, melkert en baie meer word ook by die eindpunt te koop aangebied. Kaapse of ander plaaslike kunstenaars tree dan op terwyl deelnemers en besoekers smul.

[Verwerk: <http://www.netwerk24.com/ZA/Tygerburger/Nuus/sba-vier-erfenisdag-in-bo-kaap-20160920>]

Aktiwiteit 1.2 Beantwoord vrae skriftelik

- 1.2.1 Stigting vir die Bemagtiging van Afrikaans (1)
- 1.2.2 Bo-Kaap (1)
- 1.2.3 Binnelands: Khoi; Buitelands: Maleis (2)
- 1.2.4 Enige EEN van die volgende:
- ☐ Die gebruik van “ge-” saam met Engelse woorde: ge-hijack, ge-rob.
 - ☐ Die weglating van medeklinkers aan die einde van woorde: vi ' pleks van vir, see' pleks van seer, ma ' pleks van maar.
 - ☐ Die besittlike voornaamwoord “ons” se konstruksie wyk af van die standaard deurdat die voornaamwoord in sy verboë vorm gebruik word: onse mense, onse taal.
 - ☐ Die gebruik van Engelse woorde asof dit Afrikaans is: check, guns.
 - ☐ Assimilasie kom besonder baie voor: ammal, anners, kinders.
 - ☐ Ontronding van klinkers: yt pleks van uit, hyze pleks van huise, lyster pleks van luister. (1)
- 1.2.5 Met so 'n staptog leer die deelnemers die Bo-Kaap eerstehands ken. (1)
- 1.2.6 Enige VIER van die volgende:
- ☐ Afstand: 7 km
 - ☐ Registrasie is gratis, maar verpligtend.
 - ☐ Registrasie geskied tussen 07:30 en 09:30.
 - ☐ Staptog begin (en eindig) in Pentzstraat.
 - ☐ Deelnemers kry idiome as inskrywingsnommers.
 - ☐ Deelnemers kry water by die beginpunt.
 - ☐ Deelnemers kry medaljes/koeldrank by die eindpunt. (4)

[10]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 1.3 Skryf 'n informatiewe paragraaf

'n Informatiewe paragraaf verskaf inligting en bestaan hoofsaaklik uit feite. Leerders skryf 'n informatiewe paragraaf van 80–100 woorde met die opskrif: “Bo-Kaap: Hier lê die wortels van Afrikaans”. Hulle moet hul eie inligting navors en nie net die inligting in die luisteroefening weergee nie. Laasgenoemde is net die vertrekpunt.

Dit sal help om verskillende soorte tekste aan die leerders voor te lees om die verskil tussen 'n informatiewe teks, beskrywende teks, verhalende teks, ens. te onderskei. Dit is belangrik dat hulle die verskillende skryfstyl en inhoude kan herken om dit in hul eie skryfwerk te kan toepas. Begelei leerders deur die skryfproses om die beste moontlike eindproduk te verkry.

Laat leerders eers die hoofsin neerskryf. Dit moet direk aansluit by die opskrif. Hierbenewens moet hulle nog vyf of ses saamgestelde sinne neerskryf wat uitbrei op die wortels van Afrikaans in die Bo-Kaap. Daarna moet hulle werk aan 'n treffende slotsin om die paragraaf af te sluit. Verwys na die hamburger-gedagte om die paragraaf te skryf. Beklemtoon hier, net soos by alle skryfstukke wat vanjaar aangepak gaan word, die belangrikheid van **prosesskryf**:

Beplanning: Versamel idees deur navorsing te doen, te lees, met mense te gesels, 'n dinkskrum te hou, ensovoorts. Maak 'n lysie van woorde en gedagtes wat jy met die onderwerp assosieer. Skep 'n raamwerk van jou denke. Jy kan dit ook doen met behulp van 'n spinnekopdiagram. Skryf die onderwerp in die middel van die bladsy – dit is die lyf van die spinnekop. Elke poot verteenwoordig 'n idee.

Konsep: Besluit vir wie jy skryf. Jou teikengehoor bepaal die aard van jou inhoud en jou register. Skryf dan jou eerste probeerslag. Dit word 'n konsep genoem (“draft” in Engels) en is net vir jou oë bedoel (en dat jou onderwyser kan sien jy het nie jou eerste probeerslag ingelewer nie!) Jy kan na hartelus hierop krap en strepe trek.

Leerders moet reg aan die begin van die jaar leer hoe om hulle eie werk te redigeer. Leer hulle hoe om hul skryfwerk te fynkam deur die volgende vrae oor hul eie skryfstuk te beantwoord:

Kontrolepunte	Ja/Nee
1. Lees weer die onderwerp en lees dan jou skryfwerk hardop. Vra jouself af of jy wel oor die onderwerp geskryf het.	
2. Wie is jou teikengehoor? Het jy vir dié spesifieke gehoor geskryf?	
3. Pas die styl, inhoud en register by die teikengehoor?	
4. Is jou inhoud volledig? Het jy alles gedek wat jy moes/wou sê?	
5. Lees weer jou skryfstuk hardop. Is jy seker dat jy geen woorde uitgelaat het nie? Geen woorde per ongeluk herhaal het nie?	
6. Is elke woord deeglik oorweeg? Het jy nie sommer net byvoeglike naamwoorde, wat niks tot die geheel bydra, ingevoeg om jou woordtelling te vergroot nie?	
7. Het jy elke sin met 'n hoofletter begin en met 'n punt afgesluit? Indien dit 'n vraag was, het jy dit met 'n vraagteken afgesluit?	
8. Het jy minstens kommas gebruik voor “want”, “maar” en tussen twee gesegdes as jy dit op ander plekke vergeet het?	
9. Het jy seker gemaak dat jy in paragrawe geskryf het en dat jy reëls oopgelaat het tussen paragrawe?	
10. Is jou skryfstuk die korrekte lengte? Het jy jou woordtal aangedui?	
11. Het jy jou woordkeuses en sinslengtes afgewissel om eentonigheid te voorkom?	
12. Het jy getalle tot by twintig uitgeskryf?	
13. Het jy die datum uitgeskryf en nie numeries aangedui nie?	

14. Het jy seker gemaak dat jy geen afkortings in jou skryfwerk gebruik het nie?	
15. Het jy name met hoofletters geskryf?	
16. Het jy die korrekte vorm gebruik? Bv. die vorm van die vriendskaplike brief/dialog?	

Lees en kyk

Visuele geletterdheid: Sirkelgrafiek


Aktiwiteit 1.4: Verstaan 'n sirkeldiagram

- 1.4.1 Hoeveel mense in SA, wat aan verskillende rasse behoort, Afrikaans as huistaal het. (2)
- 1.4.2 3 442 164 (1)
- 1.4.3 By 1.4.2 word daar verwys na die getal bruin mense wat Afrikaans as huistaal het, en in die luisteroefening het dit gehandel oor die ontstaan van Afrikaans in 'n tipiese bruin area, nl. die Bo-Kaap. (Of iets soortgelyk) (2)
- 1.4.4 Wit mense/blankes (1)
- 1.4.5 Nee, 'n mens neem aan swart mense praat nie Afrikaans in hul huise nie./Ja, ek is gewoond daaraan dat swart mense Afrikaans as huistaal het. (1)
- 1.4.6 0.9% (benaderd) (1)
- 1.4.7 Leerders mag hier bv. 'n staafgrafiek teken. Punte word toegeken vir:
- ☐ byskrifte en opskrif
 - ☐ korrekte getalle
 - ☐ korrekte proporsies
- (3)
- 1.4.8 Vinnige manier om die inligting weer te gee (Of iets soortgelyk) (1)
- 1.4.9 Leerders kry punte vir:
- ☐ Inhoud korrek weergegee en opskrif ✓✓
 - ☐ Spelling ✓
 - ☐ Geskikte skakeling tussen sinne en punktuasie ✓✓
- (5)
- 1.4.10 'n Feit moet jy kan toets aan die waarheid, maar 'n mening is gegrond op jou oordeel/gevoel. (2)
- 1.4.11 Feite (gebaseer op verifieerbare statistiek) (1)

[20]

Aktiwiteit 1.5 Lees 'n gedig

Verduidelik die konsep “gedig” aan die hand van hierdie diagram.



Vervolgens is dit nodig om agtergrond te skets vir die verstaan van die gedig. Laat die klas gaan kers opsteek in die Geskiedenisklas om definisies te formuleer vir die term “demokrasie”. Wat verwag 'n mens van 'n demokratiese bestel, ens.? Hier kan ook met vrug gebruik gemaak word van die notas in die voorgeskrewe verskeie bundel. Leerders volg in hul boeke en let op na hoeveel van die “gereedschapstukke” in die diagram deur die digter gebruik is om hierdie kwessie van demokrasie (of die gebrek daaraan) aan te spreek:

- ☐ Die instruksie-styl
- ☐ Beeldspraak
- ☐ Stylfigure
- ☐ Woordkeuse
- ☐ Woordspeling in die titel
- ☐ Boodskap en tema

Aktiwiteit 1.6 Beantwoord vrae oor 'n gedig

- 1.6.1 Woordspeling is die (humoristiese) gebruik van 'n homoniem om 'n ander betekenis uit te bring. ✓ In hierdie geval is dit die woord Pity wat verband hou met PTY asook die twee verskillende betekenisse van die woord Limited. ✓ (2)
- 1.6.2 Demokrasie word as 'n besigheidsmetafoor gebruik. (1)
- 1.6.3 a) D c) B e) F g) E
b) G d) A f) I h) H (8)
- 1.6.4 Ontgogeling/ontnugtering (1)
- 1.6.5 Demokrasie werk nie in SA nie. (1)
- 1.6.6 stylfigure, woordkeuse, woordspeling (3)

[15]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 1.7 Skryf 'n ooggetuie-verslag

Te oordeel aan die getal woorde wat so 'n verslag moet hê of die formaat waarin dit aangebied word, kan dit 'n langer of 'n kort transaksionele teks wees. As lg. sal dit onder die invul van vorms behandel word. In die aanloop tot die skryf van hierdie taak kan die situasie waar iemand se motor gekaap word in die klas gedramatiseer word of d.m.v. strokiesprente gevisualiseer word.

Sodra leerders 'n goeie begrip het van wat plaasgevind het, kan daar nou oorgegaan word tot die skryf van hierdie verslag. Begelei die leerders deur die hele proses sodat hulle die formaat baasraak.

- ☐ Bo-aan jou verslag kom 'n opskrif wat aandui waarom jou verslag handel. Daarna volg 'n opsomming van gebeure in logiese volgorde.
- ☐ Die verslag word in paragrawe aangebied.
- ☐ Paragraaf 1: Jy gee jou volle name, jou adres, 'n kontaknommer sowel as jou ID-nummer as jy een het. Jy begin gewoonlik so: Ek, (naam/adres/kontaknommer/ID-nummer), lê die volgende verklaring af/lê die volgende ooggetuie-verslag in.
- ☐ Paragraaf 2: **WIE**: Noem al die betrokkenes. **WAAR**: Sê waar alles gebeur het. **WANNEER**: Moenie vergeet om die presiese dag, datum en tyd te gee toe dit gebeur het nie.
- ☐ Paragraaf 3: **WAT**: Vertel wat jy gesien, gehoor, geruik en gevoel het. Wat het jy gedoen en wat het die betrokkenes gedoen?
- ☐ Paragraaf 4: Sluit jou verslag af met jou handtekening en die datum daaronder.
- ☐ Maak seker jou verslag is in die eerste persoon geskryf.
- ☐ Maak seker dat jy saaklik is en dat jou taal en styl by so 'n formele verslag pas.
- ☐ Daar mag geen persoonlike opinies of emosie gelaaide woorde wees nie.
- ☐ Jou hele verslag moet op feite berus wat getoets kan word indien nodig. Moenie raai of skryf wat jy dink gebeur het nie.

Die hele skryfproses moet beklemtoon word.

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 1.8 Geïntegreerde taaloefening

- 1.8.1.1 gebruik (stam) + ers (voegsel) (2)
- 1.8.1.2 be (voegsel) + ywer (stam) (2)
- 1.8.1.3 in (voegsel) + ge (voegsel) + hulde (stam) + ig (voegsel) (2)
- 1.8.2.1 leersaam/leergierig (1)
- 1.8.2.2 leerling/leerder/geleerde (1)
- 1.8.2.3 geleerdheid (1)
- 1.8.3.1 die, die (2)
- 1.8.3.2 'n (1)
- 1.8.4 Tabel: (8)

Soortnaam	Eienaam
onderrigtaal	C J Langenhoven
laerskool	Nederlands
tale	Engels
	SA
	Afrikaans

1.8.5.1	verpligtende	(1)
1.8.5.2	voorgestelde	(1)
1.8.5.3	amptelike	(1)
1.8.5.4	eerste/enigste	(1)
1.8.5.5	Afrikaanse	(1)
1.8.6.1	stelsin	(1)
1.8.6.2	spesifieke vraagsin	(1)
1.8.6.3	algemene vraagsin	(1)
1.8.6.4	versoeksin	(1)
1.8.6.5	wenssin	(1)
		[30]

Aktiwiteit 1.9 Figuurlike taal en beeldspraak

1.9.1.1	letterlik	(1)
1.9.1.2	figuurlik	(1)
1.9.1.3	letterlik	(1)
1.9.1.4	figuurlik	(1)
1.9.1.5	letterlik	(1)
1.9.1.6	figuurlik	(1)
1.9.2.1	veer/veertjie	(1)
1.9.2.2	wolf	(1)
1.9.2.3	seep	(1)
1.9.3.1	klip	(1)
1.9.3.2	goud	(1)
1.9.3.3	staal	(1)
1.9.4.1	huil	(1)
1.9.4.2	knipoog/loer	(1)
1.9.4.3	dans	(1)
		[15]

Hoofstuk 2

Hartverlief

Luister en praat

Aktiwiteit 2.1 Luisteroefening

Lees die paragraaf met inligting oor die digter Ingrid Jonker op bl. 21. Nadat jy die paragraaf gelees het, vra leerders: “hoe voel jou hart oor die lewe van Ingrid Jonker?” Leerders praat oor of hulle Ingrid bejammer, of haar bewonder vir die lewe wat sy gelei het. Vandag praat baie mense nie so openlik oor selfmoord nie. Sommige mag voel dat selfmoord ’n permanente oplossing vir ’n tydelike probleem is.

[20]

Aktiwiteit 2.2 Ontleed ’n spotprent

Leerders kyk na die spotprent en hou ’n groepsbespreking oor die verskeie aspekte.

- 2.2.1 Die tienermeise is swanger. Sy het haar na haar Lewensoriënteringhandboek gewend vir leiding. Sy blameer dié handboek vir die toestand waarin sy verkeer. “Vrugbaar” en “bemesting” hou verband met mekaar alhoewel bemesting, wat grond vrugbaar maak vir landboudoeleindes, nie met die mens geassosieer word nie.
- 2.2.2 Die doel van hierdie spotprent is om te spot met die begrippe “vrugbaar” teenoor “bemesting”. Albei woorde word uitgelig deurdat dit in vetgedrukte letters voorkom. Die voorgeskrewe handboeke het nie juis gehelp nie. Dalk is dit moeiliker vir mense wat dinge volgens die boek doen. Die LO boek het die meisie heeltemal “gedisoriënteer.”
- 2.2.3 Die tienermeisie, wat in graad 10 is, kan dalk nie haar skooljaar in graad 11 begin nie omdat sy dan die rol van tienerma moet vertolk. Sy is self geskok/ontnugter (haar oë is groot). Haar ouers plus die hond verkeer ook in ’n toestand van skok/ontnugtering. Dalk teleurgesteldheid?
- 2.2.4 Tieners voel aanvanklik hulle het hulself en hul ouers in die steek gelaat. Party is skaam, huil aaneen en is bang om die nuus met hul ouers te deel. Die emosionele las is groot. Soms raak tienermeisies swanger om uit swak huisomstandighede te ontsnap. Indien dit gebeur, verhoog die finansiële las op die ouers. Die tienerpa moet dalk die skool verlaat om sy tienermeisie finansiële ondersteun.

[20]

Lees en kyk

Aktiwiteit 2.3 Lees ’n gedig

Leerders lees die voorgeskrewe gedig, “Kabouterliefde” deur Ingrid Jonker, aandagtig deur. Hulle moet let op die verskillende soorte beeldspraak wat in die gedig gebruik word.

Aktiwiteit 2.4 Beeldspraak in ’n gedig

- 2.4.1 “die sterre met hul wit ligte ” (die sterre is soos wit ligte)
“hoepelronde blou-blou lug” (die lug is ’n metafoor vir ’n bal)
“die kalkoentjies het gesuig” (die kalkoentjies is soos blomme) (3)
- 2.4.2 “...rondom ons kring getrek soos ’n laer in die nag” (1)
- 2.4.3 “die aandblom het sy trompet geblaas”
“die sterre het geknippoog”
“die maan lê plat op sy rug”
“die maan het gaan slaap”
“die kalkoentjies (blomme) het gesing” (5)

[9]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 2.5 Redigeer 'n skryfstuk

Leerders redigeer die gegewe teks. Redigering mag verskil van persoon tot persoon. Gaan leerders se werk na, na aanleiding van die nodige rubriek.

[30]

Aktiwiteit 2.6 Skryf 'n paragraaf

Leerders kies een van die onderwerpe en skryf 'n paragraaf daaroor. Wanneer jy merk, onthou om te kyk dat hulle die stappe van die skryfproses gevolg het (bepanning en konsep).

[20]

Aktiwiteit 2.7 Skryf 'n opstel

Formele Assesseringstaak 2: Leerders kies EEN van die onderwerpe en skryf 'n opstel van 200–250 woorde. Kyk dat leerders die stappe van die skryfproses gevolg het en binne die woordtal gehou het. Hierdie aktiwiteit word nagesien met die rubriek vir opstelle.

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 2.8 Lettergreepverdeling

Leerders mag 'n verklarende woordeboek gebruik om hierdie aktiwiteit te voltooi.

2.8.1	liéf-heb-bend	(1)
2.8.2	lief-dá-dig-heids-funk-sie	(1)
2.8.3	ver-láng	(1)
2.8.4	be-mín-de	(1)
2.8.5	ver-hóú-ding	(1)

[5]

Aktiwiteit 2.9 Abstrakte selfstandige naamwoorde

Leerder maak 'n regmerkies by die abstrakte s.nwe:

rugby skryf woede✓ teken respek✓ afguns✓ brief

[5]

Aktiwiteit 2.10 Sinonieme

2.10.1	pragtige	(1)
2.10.2	respek	(1)
2.10.3	tydperk	(1)
2.10.4	gedigte	(1)
2.10.5	soen	(1)

[5]

Aktiwiteit 2.11 Antonieme

2.11.1	galbitter	(1)
2.11.2	doodstadig	(1)
2.11.3	liefde/liefhê	(1)
2.11.4	peperduur	(1)

[4]

Aktiwiteit 2.12 Gevoelstaal

2.12.1	beskeidenheid	(1)
2.12.2	minagting	(1)
2.12.3	spot	(1)
2.12.4	simpatie	(1)
2.12.5	liefde	(1)
2.12.6	fyn besonderhede	(1)

[6]

Hoofstuk 3

Op julle merke ... gereed ...

Luister en praat

Aktiwiteit 3.1 Luister na 'n inligtingstek

Lees die inligtingstek op bl. 33–34 aan die klas voor.

Aktiwiteit 3.2 Beantwoord vrae mondeling

3.2.1 brugjaar, dadelik gaan studeer, eers werk en dan studeer, studeer deur die pos of werk bedags en studeer saans

3.2.2 Tabel:

(4)

	Voordeel	Nadeel
brugjaar	Jy sien die wêreld terwyl jy geld verdien.	Dit gaan soveel moeiliker wees om agter jou boeke in te skuif as jy vir 'n jaar nie gestudeer het nie.
dadelik studeer	Jy bly in die gewoonte om te studeer. Jy kan klasse bywoon en met 'n dosent gesels oor die werk. Jy kan saam met jou vriende wees en wanneer jy na 'n paar jaar afstudeer, is jy gereed om jou loopbaan te begin.	Die skielike vryheid op 'n relatiewe jong ouderdom is vir baie jongmense te veel. Hulle begin hulle eerstejaar met baie partytjies en teen die tyd dat hulle agterkom waarom dit op universiteit gaan, is dit te laat om die werk in te haal.
werk en dan studeer	Sodra jy permanent werk het, het jy 'n goeie kans om jou studies te kan bekostig.	Die nadeel hier is dat jy heelwat ouer gaan wees as die ander studente as jy begin studeer. Jy sal ook nie saam met jou matriekjaar se vriende kan graad vang nie.
studeer deur die pos	Tuisstudie as opsie laat jou toe om teen jou eie tempo te studeer.	Hierdie opsie sal net werk as jy gedissiplineerd gaan wees. Iemand wat nog 'n polisieman oor die skouer nodig het of nie onafhanklik kan werk nie, moet liever wegbly van hierdie opsie.
werk bedags en studeer saans	Jy kan teen jou eie tempo studeer. Jy sal klasse bywoon, maar jou klasse is net 'n paar uur per week, gewoonlik in die aand. Jy kan met jou dosente gesels oor die werk en hulp kry met probleme. Jy sit met ervaring wat in jou guns gaan tel as jy begin voelers uitsteek vir ander werk.	Hierdie keuse is slegs vir daardie studente met baie dryfkrag en uithouvermoë. Dis nie maklik om bedags te werk en dan saans moeg voor jou boeke te gaan sit nie.

3.2.3 “Opsies vir verder studeer” (Of iets soortgelyk)

(1)

3.2.4 Voorlees van bogenoemde inligting

[20]

Aktiwiteit 3.3 Bestudeer 'n grafiese voorstelling

Klasgesprek oor die moets en moenies van 'n werksonderhoud

Aktiwiteit 3.4 Rolspel 'n werksonderhoud

Leerders werk in pare om 'n werksonderhoud te rolspel. Merk op of leerders die onderhoudsvrae op bl. 35 gedek het. Die rolspel mag nie vyf minute oorskryf nie.

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 3.5 Skryf 'n opsomming

Leerders skryf 'n opsomming van 70 woorde met sewe wenke om 'n opedag ten volle te benut.

Enige SEWE:

- ☐ Besluit vooraf in watter tipe omgewing jy graag sou wou werk.
- ☐ Jy moet met spesifieke vrae na die stalletjies toe gaan.
- ☐ Neem spesifieke antwoorde huis toe.
- ☐ Gaan in groepies met dieselfde belangstelling na die stalletjie toe.
- ☐ Luister na mekaar se vrae
- ☐ Gesels met die fakulteitsbeampes.
- ☐ Moenie net boekies en pamflette versamel nie.
- ☐ Vra kontaknommers van fakulteitsbeampes.
- ☐ Hou opvolggesprekke by die skool.

Die opsomming moet as volg nagesien word:

- ☐ **Puntetoekenning:**
7 punte vir 7 feite (1 punt per feit)
3 punte vir taal
- ☐ **Toekenning van taalpunte as leerders nie woordeliks aangehaal het nie:**
1 –3 korrekte feite: 1 punt
4 –5 korrekte feite: 2 punte
6 –7 korrekte feite: 3 punte
- ☐ **Toekenning van taalpunte as leerders woordeliks aangehaal het:**
6 –7 korrekte aanhalings: geen punte vir taal word toegeken nie
1 –5 korrekte aanhalings: 1 punt vir taal word toegeken

L.W. – Getal woorde:

- ☐ Nasieners moet die getal woorde verifieer.
- ☐ Geen punte word afgetrek indien die leerder nalaat om die getal woorde wat gebruik is, aan te dui of verkeerd aandui nie.
- ☐ Indien die maksimum getal woorde oorskry word, moet die nasiener tot by die laaste volsin na die 70-woordegrens nasien en die res van die opsomming ignoreer.

[10]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 3.6 Spelling

- 3.6.1 bruin; My **brein** is suf na al die eksamens. (2)
- 3.6.2 hys, Ons **huis** moet geverf word. (2)
- 3.6.3 suur; Sy **versier** die koek. (2)
- 3.6.4 muur; Gooi babapoeier daar waar die **mier** loop. (2)
- 3.6.5 keer; My ma **keur** nie my vriende goed nie. (2)
- 3.6.6 biere; Die **bure** speel harde musiek tot laat in die nag. (2)

- 3.6.7 keuse; Die **kese** blaf in die berge. (2)
- 3.6.8 beur; Die **beer** het die hond gejag. (2)
- 3.6.9 duur; Die arme **dier** was so dors. (2)
- 3.6.10 leen; Moenie teen die muur **leun** nie. (2)

[20]

Aktiwiteit 3.7 Leestekens, skryftekens en sinsoorte

- 3.7.1.1 sê (1)
- 3.7.1.2 wêreld (1)
- 3.7.2 aksentteken (1)
- 3.9.3 gou-gou (1)
- 3.7.4 Versterk die opdrag om stil te sit (1)
- 3.7.5.1 Hoe gereeld oefen jy? (1)
- 3.7.5.2 Oefening is ook 'n manier om aan jouself te bou. (1)
- 3.7.5.3 Sport, dans, enigiets wat spiere en soepelheid bou, sal help. (3)
- 3.7.5.4 Iemand het eendag gesê: "'n Gesonde liggaam huisves 'n gesonde gees.'" (2)
- 3.7.5.5 Haai! Moenie vir my sê jy het dit nie geweet nie? (1)
- 3.7.6.1 saamgestelde sin (1)
- 3.7.6.2 enkelvoudige sin (1)
- 3.7.7.1 vraagsin (1)
- 3.7.7.2 stelsin (1)
- 3.7.7.3 uitroepsin (1)
- 3.7.7.4 versoeksin (1)
- 3.7.7.5 bevelsin (1)

[20]

Aktiwiteit 3.8 Woordeboekgebruik

- 3.8.1.1 Albei inskrywings is selfstandige naamwoorde. (1)
- 3.8.1.2 Die eerste inskrywing het geen meervoud nie, maar die tweede inskrywing het wel 'n meervoud – onderhoude. (1)
- 3.8.2 Die tweede inskrywing pas by die tema van hierdie hoofstuk omdat daar gewoonlik onderhoude met jou gevoer word voordat jy in 'n pos aangestel word en jy met jou loopbaan kan begin. (1)
- 3.8.3.1 voer (1)
- 3.8.3.2 staan'n onderhoud toe (1)
- 3.8.4.1 oor (1)
- 3.8.4.2 met (1)
- 3.8.4.3 op (1)
- 3.8.4.4 in (1)
- 3.8.4.5 om/vir (1)

[10]

Hoofstuk 4

Wat? Waarvan praat jy?

Luister en praat

Aktiwiteit 4.1 Lees 'n teks hardop

Leerders kies een van die drie tekssoorte, soos uitgelig op bl. 46, vir voorbereide lees.

Aktiwiteit 4.2 Ken die karakters uit

Gebruik die drama wat julle in die klas behandel vir hierdie oefening. Leerders gebruik die gestelde vrae om die drama beter te verstaan. Bespreek die antwoorde in klasverband.

Aktiwiteit 4.3 Lees 'n gedig en beantwoord vrae

- 4.3.1.1 Liefde / Voorkeur vir alles wat vreemd is (1)
- 4.3.1.2 Die uitleg (tipografie) van die gedig is nie normaal nie; ons skryf gewoonlik aan die regterkant van die bladsy. Daarom sluit dit by die titel aan. (2)
- 4.3.2 oneweredige versreë lengtes; oneweredige strofepbou; geen spesifieke rymskema; onvoldoende gebruik van leestekens; onvoldoende gebruik van hoofletters (5)
- 4.3.3 'n Man wat moeg is vir die alledaagse. ('n Mens sou kon dink dit is 'n man omdat hy 'n meisie wil kry wat sy rug krap.) (1)
- 4.3.4 Om te wys (beklemtoon) hoe moeg hy vir die "normale", die gewone, is. (2)
- 4.3.5.1 'n Dubbelpunt gebruik jy as deel van 'n sin wanneer jy iets wil lys of wil opnoem. Om 'n sin daarmee te begin is baie vreemd. Dis amper asof daar 'n deel van die gedig kortkom: dalk beantwoord hy iemand se vraag; dalk verduidelik hy iets met die gedig (wat dan as antwoord dien). (1)
- 4.3.5.2 Hy verduidelik nou hoekom hy "gatvol" is. (Sien ook antwoord by 4.3.5.1.) (2)
- 4.3.6 Hy gebruik net "ek". (1)
- 4.3.7 Dit klink soos aan die begin van 'n jaar wanneer jy nuwejaarsvoornemens het en jouself belowe wat jy alles die jaar "gaan" doen. (1)
- 4.3.8 ☐ iets doen omtrent sy gewig (Die meeste mense wil altyd iets aan hul gewig doen.)
☐ 'n saai lewe leef (Die meeste mense smag na meer opwindings in hul lewe.)
☐ 'n hond kry (Die meeste mense het een of ander troeteldier.)
☐ punte plaas aan die einde van elke sin (Vir sommige mense is hare kortskeer ook nie vreemd nie, asook bome plant.) (4)
- 4.3.9 Dit is ironies dat 'n gewone man hom oor so iets ernstig sal bekommer; die gewone man op straat dink glad nie daaraan nie. (2)
- 4.3.10 Jou lewe is dalk baie besig; jy moet baie rondreis; jy het dalk baie spanning of verantwoordelikhede; jy werk ongewone tye; jy kan nie die "gewone" dinge, wat almal rondom jou doen, doen nie. Dalk veroorsaak jou werk dat jy nie 'n familie kan hê nie, dat jy nie verhoudings kan bou nie. Vandaar die spreker se behoefte aan 'n hond en 'n meisie – wat vir baie mense die idee van 'n gewone lewe is. (2)
- 4.3.11.1 **Stem nie saam nie:** Hy wil juis ophou werk, wat 'n mens laat dink dat hy baie hard gewerk het. "...ek gaan ophou werk" (2)

- 4.3.11.2 **Stem saam:** Om net op te hou werk, is nie baie realisties nie. Om mense te vermy, is onmoontlik. “ek gaan mense vermy”
Stem nie saam nie: Dit is ’n realistiese verwagting om jou musiek hard te luister, of ’n hond aan te hou en beslis om punte aan die einde van jou sinne te sit. “ek gaan punte plaas aan die einde van elke sin.” (2)
- 4.3.11.3 **Stem saam:** Hy is dalk nou meer bewus, want hy gaan “bome plant”
Stem nie saam nie: Hy was tot dusver baie bekommerd oor “kernoorloë”. Die feit dat die woord alleen in sy eie reël staan (alleenplasing), beklemtoon hoe belangrik dit vir die spreker is. (2)
- 4.3.11.4 **Stem saam:** Hy gaan nou verse maak volgens sy “my oortuigings”.
Stem nie saam nie: Die feit dat hy dalk ’n “saai lewe” wil leef, kan impliseer dat hy tot dusver ’n moeilike lewe gehad het – dalk het hy juis dinge bevraagteken, teen die hoofstroom gegaan en dinge anders gedoen. (2)
- 4.3.11.5 **Stem nie saam nie:** Hy gebruik reeds nie ’n punt aan die einde van sy sinne nie.
Stem saam: “volgens my oortuiging” – Dalk sluit dit in om nie punte aan die einde van sy sinne te gebruik nie! (2)
- 4.3.12 “gaan” (1)
- 4.3.13 In die hof, wanneer jy belowe om die waarheid te praat.
 Hy is dalk sarkasties, asof hy verwys dat hy iemand/God se hulp nodig het om hom met hierdie voornemens te help. Dalk ook juis omdat hy reeds weet dat hy dit nie op sy eie sal kan doen nie – soos die laaste reël reeds bevestig. Hy sê dalk hiermee ook dat hy nogal ernstig is. (2)
- 4.3.14 Die daag die gewone manier van dinge doen uit. Hy lewer kommentaar op wat die samelewing rondom hom doen. Hy spreek hom uit teen dit wat hy sy lewe lank doen (al die “regte” dinge soos om nie jou musiek hard te luister nie) en sê dat hy anders wil wees. (1)
- 4.3.15 Die uiterlike bou van die gedig is anders as die gewone en met die anderse voornemens in die gedig, versterk dit die algehele boodskap. (2)

[40]

Luister en praat

Aktiwiteit 4.4 Skryf ’n verhalende opstel

Leerders kies een van die onderwerpe en skryf ’n opstel van 250 woorde. Gaan leerders se werk na, na aanleiding van die nodige rubriek.

[50]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 4.5 Assimilasie en vokaalreduksie

- 4.5.1.1 virrie (1)
- 4.5.1.2 wille (1)
- 4.5.1.3 vriennelik (1)
- 4.5.1.4 Kirstembosch (1)
- 4.5.2.1 klivier (1)
- 4.5.2.2 petat (1)
- 4.5.2.3 prisident (1)
- 4.5.2.4 aartippels (1)
- 4.5.2.5 wannir (1)
- 4.5.2.6 prebeer (1)
- 4.5.2.7 venaand (1)
- 4.5.2.8 fanteseer (1)

[12]

Aktiwiteit 4.6 Afkortings

- 4.6.1.1 honderd – h. / uur – u. / h (2)
- 4.6.1.2 hoofletter – hl. / hoofstuk – hfst. (2)
- 4.6.1.3 inhoud – inh. / inligting – inl. (2)
- 4.6.1.4 Italië – lt. / item – it. (2)
- 4.6.1.5 jaar – j. / junior – jr. (2)
- 4.6.1.6 kwartaal – kw. / kwaliteit – kwal. (2)
- 4.6.1.7 links na regs – l.n.r. / lengte – l. (2)
- 4.6.1.8 minuut – min. / meter – m (2)
- 4.6.1.9 met ander woorde – m.a.w. / met behulp van – m.b.v. (2)
- 4.6.1.10 nommer – no. of nr. / namiddag – nm. (2)
- 4.6.2 Tabel: (14)

Akronieme	Lettername
KODESA – Konvensie vir 'n demokratiese Suid-Afrika	D.B.V. – Dierebeskermingsvereniging
KAF – Konfederasie van Afrika Sokker	MIV – Menslike immuuniteitsgebrek virus
Noksa – Nasionale Olimpiese Komitee van Suid-Afrika	H.O.D. – Hoër Onderwysdiploma
Nasa – Nasionale Aëronoutika Ruimte Administrasie	IOK – Internasionale Olimpiese Komitee
LAN – Lokale area-netwerk	ID – Identiteitsdokument
Medunsa – Mediese Universiteit van Suider-Afrika	L.U.R. – Lid van Uitvoerende Raad
	KKNK – Klein Karoo Nasionale Kunstefees

[34]

Aktiwiteit 4.7 Hersien attributiewe byvoeglike naamwoorde en sinsoorte

- 4.7.1 werkende (1) 4.7.8 potblou (1)
- 4.7.2 dooie (1) 4.7.9 grootskaalse (1)
- 4.7.3 kurkdroë (1) 4.7.10 nuwe (1)
- 4.7.4 plaaslike (1) 4.7.11 grootste (1)
- 4.7.5 chemiese (1) 4.7.12 fantastiese (1)
- 4.7.6 ware (1) 4.7.13 sosiale (1)
- 4.7.7 massiewe (1)
- 4.7.14.1 Sal jy jou grasperk groenverf? (1)
- 4.7.14.2 Voel ons almal beter as ons 'n bietjie groen sien? (1)
- 4.7.14.3 Dink mense dit is 'n wonderwerk? (1)
- 4.7.15 Die produk is nog nie geadverteer nie en is nie op bestelling beskikbaar nie. (1)
- 4.7.16 ...Kapenaars nie hul tuin met 'n tuinslang mag natspuit nie. (1)
- ...dat die nie jou voete sal vlek as jy daarop loop wanneer dit nat is nie.
- 4.7.17 Meeste van die sinne in die teks is stelsinne. (1)
- 4.7.18 Verf jou grasperk groen! (1)

[20]

Aktiwiteit 4.8 Oefen leestekens

Jy gebruik my...

- | | |
|---|-------|
| ☐ soms by lettername | . |
| ☐ net voor jy 'n lang lys van goed opnoem | : |
| ☐ wanneer jy iemand anders se woorde aanhaal | “ ” : |
| ☐ wanneer jy 'n vraag vra | ? |
| ☐ wanneer jy wil hê iemand moenie oor die pad hardloop nie | ! |
| ☐ wanneer daar vreemde woorde in 'n teks is | “ ” |
| ☐ by afkortings | . |
| ☐ wanneer jy na 'n woord in 'n gedig verwys | “ ” |
| ☐ wanneer jy iets sarkasties bedoel | “ ” |
| ☐ by iemand se voorletters | . |
| ☐ wanneer jy vreeslik gelukkig is | ! |
| ☐ wanneer jy iemand se direkte woorde neerskryf | “ ” |

[12]

Aktiwiteit 4.9 Skryftekens: die kappie

familiêr, komplimentêr, affêre, blêr, wêr, nêrens, kêrel, rûe, sêr, ietermagô

[10]

Aktiwiteit 4.10 Deelwoorde

- | | |
|------------------|-----|
| 4.10.1 skreeuend | (1) |
| 4.10.2 swaaiende | (1) |
| 4.10.3 huilend | (1) |
| 4.10.4 verstarde | (1) |
| 4.10.5 druppende | (1) |
| 4.10.6 lekkende | (1) |
| 4.10.7 Bewende | (1) |
| 4.10.8 slukkend | (1) |
| 4.10.9 rasend | (1) |
- [9]

Aktiwiteit 4.11 Direkte rede

- | | |
|--|-----|
| 4.11.1 Die mense van Kaiga sê versekerd: “Ons is nie bang vir kobras nie!” | (1) |
| 4.11.2 Die CNN-verslaggewer vra: “Was niemand bang dat die kobra iemand gaan pik nie?” | (1) |
| 4.11.3 Die slangvanger het geantwoord: “Ek het net vir 'n oomblik getwyfel ...” | (1) |
| 4.11.4 Hy het gesê: “Ek wil egter baie graag die arme slang help. ” | (1) |
| 4.11.5 Die dogter het gesê: “Ek het daardie dag groot geskrik!” | (1) |
- [5]

Hoofstuk 5

Ontspan!

Luister en praat

Aktiwiteit 5.1 Vergelyk twee tekste

Leerders werk in groepe en bespreek watter van die twee tekste (die inligtingstekste en liedjie) hul die meeste geniet het. Luister in en gaan na of leerders hul keuse met minstens EEN feit motiveer.

Lees en kyk

Aktiwiteit 5.2 Lees en vergelyk om te kontrasteer

Tabel:

	Leesstuk	Liedjie
Styl	Hoofsaaklik beskrywend; paragraafstyl	Beskrywend; liries; strofes; sangerig
Inhoud	Feite oor die Karoo	Beskrywing van 'n tipiese Karoonag
Boodskap	Die Karoo is 'n vakansiebestemming	'n Karoonag is iets om te beleef
Taalgebruik	Beskrywend, maar meestal nugter	Liries; beeldspraak
Ritme	Geen definitiewe ritme	'n Ritmiese stuk

[10]

Aktiwiteit 5.3 Lees selfstandig

Leerders neem die boek, *Karoonag en ander verhale*, by die biblioteek uit en lees op hul eie.

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 5.4 Skryf 'n geskrewe onderhoud

Formele Assesseringstaak 3: Leerders volg die stappe van prosesskryf en gee 'n geskrewe onderhoud in. Gaan leerders se werk na, na aanleiding van die nodige rubriek.

Voorbeeld onderhoud:

Karen Zoid – Diva van Afrikaanse rock (Deur Anna du Bruijn)

Karen Zoid, gebore as Karen Louise Greeff, kan met reg die koningin van Afrikaanse rock genoem word. Haar aanhangers bestaan uit jongmense sowel as ouer mense.

Vraag: Vertel ons van jou kinderjare.

Antwoord: Ek is in Brussel, België gebore terwyl my pa daar 'n diplomaat was. Ek het my ma op 9-jarige ouderdom verloor en dit was een van die heel moeilikste hekkies om te oorkom. Terug in SA, het ons in Johannesburg gaan woon.

Vraag: Waar het jou liefde vir musiek begin?

Antwoord: Ek kry my liefde vir musiek van my pa. Hy het self liedjies geskryf en gesing. Hy het vir my my eerste kitaar gekoop.

Vraag: Was daar enige hoogtepunte in jou loopbaan sedert dit in 2002 vlamgevat het?

Antwoord: Beslis. Die onverwagte gewildheid van "Afrikaners is plesierig" op my heel eerste album het my asem weggeslaan. Dan was daar my en my orkes se optredes oorsee wat my altyd sal bybly. O ja en toe ek aangewys is as keurder van *The Voice* van 2017. Eintlik is ek so gelukkig met soveel hoogtepunte in my loopbaan.

Vraag: Enige laagtepunte wat jy onthou?

Antwoord: Geen laagtepunte wat my loopbaan betref nie, maar wel wat my persoonlike lewe betref. Ek treur oor my vriende wat ek in my wilde jeugjare aan die dood moes afstaan.

Vraag: Watter drome of planne het jy vir die toekoms?

Antwoord: Ek wil 'n verskil maak in ander mense se lewens.

Vraag: Watter raad het jy vir jongmense?

Antwoord: Dit maak nie saak hoe benard jou posisie is nie. Daar is altyd lig aan die einde van die tunnel.

[30]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 5.5 Opeenhoping van vokale

Verlede Saterdagavond was daar 'n groot gala-aand in die stadsaal. Die partytjie het eers twee-uur die oggend geëindig.

Bo-op die tafels was spyskaarte in die vorm van see-eendjies. Dit het gepas by die seekos waarvan almal geëet het. My neef, wat onlangs geëmigreeer het, was saam met my. Hy het gekla die geleentheid is nie koste-effektief nie. Dit was te uitspattig.

My broer wou nie saamgaan nie. Hy is nou besig met sy uie-oes en saans verkies hy om na radio-uitsendings van RSG te luister.

[10]

Aktiwiteit 5.6 Taal-in-konteks

- 5.6.1 Die skooljaar het begin; dus is dit Tommie se tweede dag op skool. (1)
- 5.6.2 Al staan Tommie se ma in die kombuis, kom hy by die voordeur in. (1)
- 5.6.3 Sy is baie verbaas dat hy nege-uur die oggend weer terug is by die huis. (1)
- 5.6.4 Tommie se ma vra verbaas waarom hy nie by die skool is nie. (1)
- 5.6.5 Tommie antwoord: Die hoof en my juffrou het gaan braai. (1)
- 5.6.6 "Gaan braai? Op 'n Dinsdagoggend? Wanneer werk hulle dan? Tommie, is jy baie seker?" vra sy ma geskok. (1)
- 5.6.7 Hy het gesê sy moet haar se rooster saambring. (1)
- 5.6.8 Die woord "rooster" kan die item wees waarop jy jou vleis pak as jy braai of dit kan verwys na die tydtafel wat periodes aandui op skool. Jannie het die hoof se opdrag met e.g. verbind. (1)
- 5.6.9 "Toe kom ek maar huis toe aangesien ek weet hoe lank 'n braai vat!" (1)
- 5.6.10 Kgobane sê: "Juffrou, trek asseblief my skoene vir my aan." (1)
- 5.6.11 Alhoewel sy baie dingetjies gehad het om te doen, het sy besluit om hom te help. (1)
- 5.6.12 Sy sukkel om die skoene aan sy voete te kry. (1)
- 5.6.13 Sy druk, beur en wikkel sy voetjies in die skoene in. (1)
- 5.6.14 Toe sê Kgobane: "Juffrou, dit is nie my skoene hierdie nie." (1)
- 5.6.15 moedeloosheid; fristasie (1)
- 5.6.16 Myne (1)
- 5.6.17 "My ma het gesê ek moet dit vandag dra anders gaan die dorings my steek." (1)
- 5.6.18 As jy 'n sluk water neem, sal jy ophou hoes. (1)
- 5.6.19 Sy begin weer spook om die skoene aan sy voetjies te kry. (1)
- 5.6.20 Juffrou vra: "Sies tog! Nou waar is jou kouse?" (1)

[20]

Aktiwiteit 5.7 Verstaan idiom

- 5.7.1 'n Nuwe blaadjie omslaan: Van voor af begin en glo jy gaan nou beter doen. (2)
- 5.7.2 Daar is 'n slang in die gras: Daar is iets verkeerd. (2)
- 5.7.3 Die appel val nie ver van die boom nie: Die kind is soos die pa of ma. (2)
- 5.7.4 Die aap uit die mou laat: Die geheim verklap. (2)
- 5.7.5 Baantjies vir boeties: Werk gee vir vriende en familie. (2)
- 5.7.6 'n Halwe eier is beter as 'n leë dop: Liewer 'n bietjie as niks nie. (2)
- 5.7.7 Jakkals trou met wolf se vrou: Die son skyn terwyl dit reën. (2)
- 5.7.8 Die kat in die donker knyp: In die geheim stoutighede aanvang. (2)
- [16]**

Aktiwiteit 5.8 Pret met idiom

Hierdie aktiwiteit word bloot vir vaslegging gedoen. Leerders werk in groepe om “Stomstreke” te speel. Kyk dat elke leerder 'n beurt kry om deel te neem.

Aktiwiteit 5.9 Teken idiom

Hierdie aktiwiteit word bloot vir vaslegging gedoen. Leerders teken idiom op A4 velle – gaan na dat hulle die idiom sowel as die betekenis daarvan op hul velle aangedui het.

Hoofstuk 6

Mayday! Mayday! Superman kom in! Leierskapskrisis

Luister en praat

Aktiwiteit 6.1 Bespreek 'n busrooster as inligtingstek

Lei die gesprek in deur te vra wie in die klas al ooit met 'n passasiersbus iewers heen gery het. Laat die leerder sy/haar ervaring met die klas deel. Deel die leerders self in diverse pare, indien nodig. Gee 'n paar minute waarin hulle die busrooster moet bestudeer en antwoorde op die vrae moet voorsien. Verduidelik die funksie van vluglees: Jy lees vinnig deur 'n teks deur net na opskrifte, subtitels en die feite wat jy nodig het, te soek. Jy kry net 'n algemene idee waarom die teks handel.

- 6.1.1 Ja, die nodigste inligting word gegee./Nee, daar is nie melding gemaak van die prys van kaartjies nie.
- 6.1.2 Ja, daar is nie te veel inligting nie en alles is mooi in tabelvorm gerangskik.
- 6.1.3 Die prys van die kaartjies, enige waarborge, ens.
- 6.1.4 So ongeveer 30 minute
- 6.1.5 Dalk is dit groter sentra waar meer passasiers opklim; dalk is dit waar die vulstasies is; dalk gee dit die geleentheid vir passasiers om uit te klim en bene te rek.

[20]

Aktiwiteit 6.2 Skryf kaartinligting oor in tabelvorm

Die leerders moet verstaan dat die busrooster eintlik maar 'n opsomming van die padkaart na hul bestemming is. Hulle bestudeer die padkaart vir 'n paar minute en vergelyk dit met die roete wat die bus gaan volg en waar dit gaan stilhou. Leerders kyk of die padkaart al die dorpie waar die bus gaan aandoen, wel aandui. Hulle kyk ook of die volgorde van die dorpe op die padkaart ooreenstem met die busrooster se roete. Nou teken hulle die tabel in hulle antwoordboeke oor en vul die inligting wat hulle op die padkaart kry, in op die tabel.

ROETE	AFSTAND IN KM	TYDSDUUR
Port Elizabeth na Plettenbergbaai	237 km	3h 24 min
Plettenbergbaai na Mosselbaai	140 km	1h 48 min
Mosselbaai na Swellendam	170 km	2 h 26 min
Swellendam na Hermanus	141 km	1h 32 min
Hermanus na Goudini	140 km	1h 40 min

[10]

Lees en kyk

Aktiwiteit 6.3 Beantwoord vrae oor 'n visuele teks

Onderskei tussen hoof- en ondersteunende gedagtes. In elke teks is daar sekere hoofgedagtes wat die skrywer wil oordra. Hierdie hoofgedagtes word deur verdere detail uitgebrei en beskryf. Hierdie detail is die ondersteunende idees.

Tydens pre-lees moet die leerders se voorkennis getoets word en hul belangstelling geprikkel word om 'n suksesvolle leesaktiwiteit te verseker. Die kort klasbespreking sowel as die oefening met die tabel is genoegsame aktiwiteite om pre-lees suksesvol af te sluit.

Leerders bestudeer die busrooster vir 'n tweede keer, maar nou om spesifieke inligting te vind.

- 6.3.1 Ek vertrek Dinsdag 9 Januarie om 07:30 uit Port Elizabeth.
Ek vertrek weer Maandag, 15 Januarie om 09:15 uit Goudini. (2)
- 6.3.2 Ek kan hulle bel of 'n e-pos stuur. (2)
- 6.3.3 07:30 tot 20:15 – 12 uur en 45 minute (1)
- 6.3.4 30 minute (1)
- 6.3.5 Jeffreysbaai en Stormsriviermond (30 minute elk) (2)
- 6.3.6 Die volgende belangrike inligting behoort op 'n busrooster te wees:
- ☐ Kontaknommer (1)
 - ☐ Kantoorure (1)
 - ☐ Watter dorpe aangedoen word (1)
 - ☐ Tye wanneer die bus op 'n sekere dorp sal wees (1)
- [12]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 6.4 Skryf rigtingaanduidings neer

Om 'n goed afgeronde teks te skryf, moet prosesskryf gebruik word. Die leerders moet begelei word deur die proses en met elke skryfstuk weer aan die verskillende stappe herinner word. Gee vir die leerders die volgende wenke ten opsigte van die **skryfproses**:

Beplanning: Versamel idees deur navorsing te doen, te lees, met mense te gesels, 'n dinkskrum te hou, ensovoorts. Maak 'n lysie van woorde en gedagtes wat jy met die onderwerp assosieer. Skep 'n raamwerk van jou denke. Jy kan dit ook doen met behulp van 'n spinnekopdiagram. Skryf die onderwerp in die middel van die bladsy – dit is die lyf van die spinnekop. Elke poot v erteenwoordig 'n idee.

Konsep: Besluit vir wie jy skryf. Jou teikengehoor bepaal die aard van jou inhoud en jou register. Skryf dan jou eerste probeerslag. Dit word 'n konsep genoem ("draft" in Engels) en is net vir jou oë bedoel (en dat jou onderwyser kan sien jy het nie jou eerste probeerslag ingelewer nie!) Jy kan na hartelus hierop krap en strepe trek.

Rigtingaanduiding vanaf Hoërskool Goudini tot by Goudini Spa

- ☐ Ry in 'n noordwestelike rigting in Van Riebeeckstraat.
 - ☐ Neem die vierde straat links, Brandstraat.
 - ☐ Ry verby die polisiestasie aan jou regterkant en die OTM aan jou linkerkant.
 - ☐ Jy ry oor die ou nasionale pad wat Worcester/Paarl toe ry.
 - ☐ Net na die ou nasionale padkruising, word Brandstraat nou Slanghoekweg.
 - ☐ Ry bo-oor die nuwe nasionale pad.
 - ☐ Kort anderkant Die Eike aan jou regterkant, draai jy regs in Goudiniweg.
 - ☐ Na ongeveer 260m draai jy links by die groen borde met aanwysings na die ontvangskantoor.
- (84 woorde)

[30]

Aktiwiteit 6.5 Feitelike beskrywing

Leerders skryf 'n feitelike teks van 150–200 woorde oor Tafelberg. Hulle moet hul eie inligting navors, per die instruksies op bl. 72. Verwys leerders na verskeie tekstipes vir inligting, soos: pamflette, brosjures, tydskrifte, webtuistes en koerante. Hulle moet sif deur die inligting tot net die kern (die feite) oor Tafelberg agterbly. Begelei die leerders deur die skryfproses om die beste moontlike eindproduk te verkry.

[30]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 6.6 Samestellings

6.6.1	kinderspeltjies	(1)
6.6.2	klaskamer	(1)
6.6.3	leierseienskappe	(1)
6.6.4	kindsbeen	(1)
6.6.5	privaatskool	(1)
		[5]

Aktiwiteit 6.7 Lettergreepverdeling

6.7.1	lei-er	(1)
6.7.2	in-spi-re-ren-de	(1)
6.7.3	ka-rak-ter-ei-en-skap-pe	(1)
6.7.4	doel-wit-te	(1)
6.7.5	ou-to-kra-tie-se	(1)
		[5]

Aktiwiteit 6.8 Woordeskapuitbreiding

6.8.1	Daar is so baie nuwe goeterjasies in my nuwe motor dat ek sukkel om die radio se knoppie te kry.	(1)
6.8.2	Ek bestel graag 'n koskaros en skyfies vir middagete.	(1)
6.8.3	Ek staan nog so, toe val ek om – net so woeps!	(1)
6.8.4	Ubuntu beteken dat ek slegs 'n mens kan wees omdat diegene wat om my is ook mense is.	(1)
6.8.5	Ek gooi nie my ou tydskrifte weg nie. Alles gaan nog Africana word.	(1)
		[5]

Aktiwiteit 6.9 Hoofletters

'n Mens kan nie net 'n eendagleier wees nie. Van Maandag tot Maandag moet jy voor loop. Jy moet respek hê vir ander mense en nie net op Menseregtedag aan ander se regte dink nie. Omdat kultuur so belangrik is, behoort jy te weet wat Paasfees of Ramadaan beteken. Maar 'n leier onthou ook dat hy/sy nie sonder 'n gesinstruktuur kan funksioneer nie. Daarom is Moedersdag en Vadersdag ook dae om te onthou.

[7]

Aktiwiteit 6.10 Oefen leestekens

6.10.1	Leerders sal verskillende antwoorde gee op die vraag. A en B verteenwoordig die leiers wat eerder wil base wees. C en D is die manne wat nie omgee om hulle hande vuil te mors nie; hulle werk saam met die ander.	(5)
6.10.2.1	Persoon B: Ons boot het 'n lelike lekplek ontwikkel.	(1)
6.10.2.2	Persoon A: Vasstaan manne, skep die water!	(1)
6.10.2.3	Persoon B: Waarom gebruik julle nie die groter emmers nie?	(1)
6.10.2.4	Persoon C: Jy wil nie dalk vir my die tuinslang gaan haal nie?	(1)
6.10.2.5	Persoon D: My arms wil nie meer nie; ek is gedaan!	(1)
		[10]

Aktiwiteit 6.11 Voornaamwoorde

6.11.1	Hy	(1)
6.11.2	sy	(1)
6.11.3	sy	(1)
6.11.4	hare	(1)
6.11.5	Hulle	(1)
		[5]

Hoofstuk 7

Mites en legendes is soms erg fabelagtig

Luister en praat

Aktiwiteit 7.1 Lewer 'n voorbereide toespraak

Formele Assesseringstaak 5: Leerders kies EEN van die onderwerpe en skryf 'n toespraak om voor die klas aan te bied (2–3 minute). Kyk dat leerders gebruikmaak van die riglyne en wenke op bl. 81. Hierdie aktiwiteit word nagesien met die rubriek vir voorbereide mondeling.

Lees en kyk

Aktiwiteit 7.2 Stel 'n tabel op

Gebruik die kortverhale wat julle in die klas behandel vir hierdie oefening. Leerders werk in groepe en stel 'n tabel op om die verskeie elemente van die kortverhale uit te lig. Bespreek die antwoorde in klasverband, en gebruik jou merk-martrijs om dit na te sien.

Aktiwiteit 7.3 Luister na 'n gedig

Leerders luister na die gedig en onderstreep enige moeilike woorde om later op te soek.

Aktiwiteit 7.4 Beantwoord skriftelike vrae oor 'n gedig

- 7.4.1 snuif, pruimtabak en pyptabak (1)
- 7.4.2 Die woord “gespuug” moes dieselfde klink as “vlieg”; hy wou seker maak dit rym. (1)
- 7.4.3 Van Hunks het nie sy hand voor sy mond/neus gehou wanneer hy nies nie: hy het oor die meubels en kos genies. Hy het ook, wanneer hy pruim, sommer op enige plek gespoeg: op die muurpapier en enige plek op die grond. (2)
- 7.4.4.1 Jy moet van nou af altyd buite gaan rook. (1)
- 7.4.4.2 Die woord “buite” moes met “ruimte” rym. (1)
- 7.4.4.3 inversie (1)
- 7.4.4.4 Reël 7: Vrouwtjie raak **gek** van **rook en stook**.
“gek” moes rym met “bedek”; die klem lê op “rook en stook” en die digter wou dit juis aan die begin van die reël plaas
Reël 14: ... waar Hans van Hunks langs 'n **heining** rook.
“heining” moes rym met “verskyning”
Reël 16: ... ek kan jou als van rook **vertel**.
“vertel” moes rym met “Hotazel” (2)
- 7.4.5 “Hotazel” verwys na *hot as hell*. Die digter steek die woordspeling weg deur dit te laat lyk of dit Niek se van is; eintlik verwys dit na hoe warm die hel (metafores) is. (2)
- 7.4.6 **(1)** Niek glo dat dit goed is vir die long en jou lus maak vir “bokkespronge” (maak jou vol energie). Dit veroorsaak dat jy hom sal wil besoek. Wat hy eintlik bedoel, is dat dit jou siek maak en jy vinniger sal doodgaan as jy dit doen. **(2)** Vrouwtjie fokus nie soseer op die fisiese implikasies van rook nie, maar wel dat dit haar huis vuil maak (die mure en ruite raak vol roet; daar word oor als genies en gespoeg). Sy is baie negatief oor die aspekte van rook. (4)
- 7.4.7 “rook is nes Redbull” (1)
- 7.4.8 Sien antwoord by 7.4.5. (2)
- 7.4.9 *Redbull gives you wings* – gewoonlik wanneer iemand doodgaan, is daar die beeld dat jy jou vlerke kry en opvlieg hemel toe om saam met die engele te wees. Rook sal Van Hunks se dood veroorsaak, en dan sal hy vir Niek gaan besoek (maar in die

hel, nie die hemel nie). Ook, as Redbull vir jou energie spring en laat bokkespronge doen, sal al die rook jou hart 'n bokkesprong gee, d.w.s. 'n hartaanval. (2)

7.4.10 Niek bedoel eintlik dat Van Hunks hom gaan besoek omdat hy dood is. Van Hunks dink dat hy by Niek gaan kuier. (2)

7.4.11 “longe vrot van emfiseem ” (1)

7.4.12 Van Hunks besef dat (goeie) raad vir 'n mens baie waardevol kan wees / iets goed kan beteken/meebring, net soos wat goud ook geldelik baie werd is en jou kan baat. Wat hy egter nie besef nie, is dat Niek nie baie eerlik is nie, maar iemand wat skelm/slu is en vir jou 'n storie sal spin vir sy eie baat. (4)

7.4.13 Moontlik mis wat oor die berg hang en dit bedek/wegsteek, soos 'n rookwolk. (1)

7.4.14 Leerder se eie respons/interpretasie. (2)

7.4.15 Leerder se eie respons, bv. die gevare van rook / dat rook sleg is vir jou. (4)

7.4.16 paarrym (1)

[35]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 7.5 Skryf 'n volksverhaal

Leerders doen navorsing om hul eie volksverhaal te skryf. Gebruik jou merk-martrijs vir nasiening.

Aktiwiteit 7.6 Beskrywende paragrawe

Gebruik die kortverhale wat julle in die klas behandel. Leerders bestudeer hoe verskillende elemente in die paragrawe bekendgestel word. Daarna oefen leerders om hul eie inleidings-paragraaf te skryf. Gaan na dat al die verskillende elemente in die paragraaf teenwoordig is.

Aktiwiteit 7.7 Oefen voornaamwoorde

7.7.1 Waarom (1)

7.7.2 hierdie (1)

7.7.3 Watter (1)

7.7.4 dit (1)

7.7.5 Wie (1)

7.7.6 hierdie/daardie; só (2)

[7]

Aktiwiteit 7.8 Hersien spelpatrone

7.8.1 feite (1) 7.8.9 klipformasie (1)

7.8.2 massiewe (1) 7.8.10 wyer (1)

7.8.3 ongeveer (1) 7.8.11 voor (1)

7.8.4 vlakke (1) 7.8.12 bewyse (1)

7.8.5 toegewyde (1) 7.8.13 bevestig (1)

7.8.6 navorsers (1) 7.8.14 Ent (1)

7.8.7 vonds (1) 7.8.15 houtstruktuur (1)

7.8.8 reis (1) 7.8.16 verdere (1)

[16]

Aktiwiteit 7.9 Simplekse en komplekse

7.9.1 kompleks (1) 7.9.6 kompleks (1)

7.9.2 simpleks (1) 7.9.7 simpleks (1)

7.9.3 simpleks (1) 7.9.8 simpleks (1)

7.9.4 kompleks (1) 7.9.9 simpleks (1)

7.9.5 kompleks (1) 7.9.10 simpleks (1)

[10]

Aktiwiteit 7.10 Samestellende afleidings

7.8.1	ontdekkingsreise	(1)	7.8.6	rommelverkoop	(1)
7.8.2	bevolkingsprobleme	(1)	7.8.7	hospitaalafdeling	(1)
7.8.3	pannekoekstalletjie	(1)	7.8.8	vergaderingsprosedure	(1)
7.8.4	inskrywingsdatum	(1)	7.8.9	verbyvlieënde	(1)
7.8.5	verkiesingstent	(1)	7.8.10	Noordwesterwind	(1)

[10]

Aktiwiteit 7.11 Direkte rede en tussenwerpsels

- 7.11.1 Die weerman waarsku: "Passop/Versigtig! Daar is 'n groot storm oor die see naby die Bermuda-driehoek te wagte." (1)
- 7.11.2 Pule vra haar ma: "Jippie! Beteken dit dat pa vroeër huistoe gaan kom?" **OF**
Pule vra: "Mamma, beteken dit dat pa vroeër huistoe gaan kom? Jippie!" (1)
- 7.11.3 Haar ma antwoord: "Sjoe, Pule, ek is nie seker nie, want jou pa het nog baie werk om te doen." (1)
- 7.11.4 Pule sê: "Nee wat! Ek weet my pa is die slimste wetenskaplike op aarde en hy sal beslis versigtig wees!" (1)
- 7.11.5 Thabang het gesê: "Ha! Jy sal ook áltyd pa se kant kies, maak nie saak hoe min hy by die huis is nie!" (1)
- 7.11.6 Die ma het getroos: "Toemaar, kinders, klim in die bed en as pa oormôre hier is, kan julle lekker saam kuier. " (1)

[6]

Aktiwiteit 7.12 Indirekte rede

- 7.12.1 Kulani vra opgewonde vir die klas of hulle geweet het dat metaangas dalk 'n oorsaak vir die verdwyning van skepe is. (1)
- 7.12.2 Sy vertel in ekstase/ongeloof/verstom dat die gas in die water kan ontplof en dan veroorsaak 'n laer waterdigtheid dat die skepe sink. (1)
- 7.12.3 Tabello het ongeduldig/kwaad/vies vir sy juffrou gevra of hy ook asseblief 'n kans kon kry om ietsie te sê. (1)
- 7.12.4 Juffrou antwoord vermanend/geduldig vir Tabello dat elkeen vandag nog 'n beurt sal kry om sy mite-mondeling te lewer. (1)
- 7.12.5 Tabello het ongeduldig gesê dat Kulani al die verkeerde goed vertel en dat dit eintlik elektroniese mis is wat die vliegtuie laat verdwyn. (1)
- 7.12.6 Juffrou het verras/beïndruk gesê dat hulle die vorige middag goeie navorsing gedoen het. (1)
- 7.12.7 Tertius antwoord beterweterig dat almal verkeerd is. (1)
- 7.12.8 Juffrou sê kwaai dat sy gesê het hy moet sy beurt afwag. **OF**
Juffrou sê kwaai dat sy gesê het dat hy sy beurt moet afwag. (1)
- 7.12.9 Tertius fluister beterweterig dat die heksagonale wolke álles veroorsaak. (1)

[9]

Aktiwiteit 7.13 Enkelvoudige sinne

7.13.1	enkelvoudig	(1)	7.13.4	enkelvoudig	(1)
7.13.2	saamgesteld	(1)	7.13.5	saamgesteld	(1)
7.13.3	saamgesteld	(1)	7.13.6	saamgesteld	(1)

[6]

Aktiwiteit 7.14 Woordorde

- 7.14.1 Shani hou baie van mites en bygelowe. (1)
- 7.14.2 Sy soek elke dag na feite op die internet. (1)
- 7.14.2 Thobias het Maandae vir Shani, wanneer sy in die biblioteek gewerk het, koffie gekoop. (1)
- 7.14.3 Sy vertel hom altyd alles wat sy gelees het. (1)
- 7.14.4 Hy ry gereeld ná skool met sy fiets saam met Shani huis toe. (1)
- 7.14.5 Hulle stry altyd oor die verskil tussen mites en bygelowe. (1)
- [5]**

Aktiwiteit 7.13 Informatief

- 7.15.1 Mense moet oor mites en legendes lees om saam te kan praat. (1)
- 7.15.2 Gary Player oefen elke dag golf om die beste te wees. (1)
- 7.15.3 Christian Barnard het elke dag opereer om mense se lewens te red. (1)
- 7.15.4 Nathalie de Toit swem met 'n kunsvin om te wys dat sy enige iets kan doen. (1)
- [4]**

Hoofstuk 8

Vinnigste, hoogste, sterkste = ekstrem

Luister en praat

Aktiwiteit 8.1: Rolspeel 'n vergadering

Hierdie rolspel kan tot 3 maal herhaal word, telkens met ander leerders in die klas. Laat die leerders wat die beste doen in Afrikaans begin en laat die swakkeres laaste rolspel. So kan swak leerders leer uit wat voor hulle afspeel. Begin die aktiwiteit reeds die vorige dag en verduidelik hoe dit werk. Kies dan reeds die karakters en laat hulle op hul eie by die huis die dialoog gaan leer. Terwyl die vergadering gerolspel word, hou elke leerder notas sodat hulle dit later kan gebruik wanneer hulle die notule moet skryf. Berei ook die kennisgewing en agenda voor die tyd voor. Dit kan deur middel van PowerPoint op die bord vertoon word terwyl die rolspel aan die gang is. [20]

Lees en kyk

Aktiwiteit 8.2 Lees 'n inligtingstek

Die doel van hierdie leesaktiwiteit is die verwerwing van woordeskat en om meer oor rotsklim as ekstreme sport te wete te kom. Lei die leesaktiwiteit in deur te gesels oor waaghalsige sportsoorte en watter aktiwiteite die leerders geniet. Wat leer 'n mens uit die verskillende sportsoorte? Wie het al rotsklim as sport beoefen?

Aktiwiteit 8.3: Gesels in groepe oor wat jy gelees het

Leerders kry die geleentheid om die inligtingstek in groepsverband te bespreek. Sekere groepe kan sekere paragrawe kry om te bestudeer en hul opinies daaroor te gee, byvoorbeeld: "Wat sê die spreker in die teks oor waarom hy rotsklim? Hoe voel dit om rots te klim? Wat leer hierdie sport jou? Is dit maklik om te leer rotsklim? Is die sport vir almal?" Dié vrae word dan deurgetrek na die leerders se eie sportbeoefening. Hulle gee hul opinies oor hul sportsoorte in terme van dié vrae.

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 8.4: Skryf 'n agenda en notule

Leerders word nou teruggeneem na die rolspel en die notas wat hul gemaak het. Hierdie notas gaan nou met die hulp van die agenda uitgebrei word tot 'n volwaardige notule. Laat leerders die agenda en notule soos dit in hul werkboek is, net so oorskryf. Beklemtoon weer die eienskappe van 'n behoorlike notule, naamlik:

- ☐ 'n Notule is 'n verslag van 'n vergadering.
- ☐ Op die notule word die naam van die organisasie, die presiese datum en plek waar die vergadering plaasgevind het, bo-aan die bladsy aangedui.
- ☐ Die notule word aan die hand van die agenda geskryf.
- ☐ Die notule word in die teenwoordige tyd geskryf.
- ☐ Besluite word genotuleer en onbenullighede word uitgelaat.
- ☐ Die voorsitter en sekretaresse teken die notule.

[30]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 8.5 Taaloefening

- 8.5.1 Santjie Viljoen (29) was nog altyd mal oor branderplankry, maar nadat sy twee jaar gelede in Australië leer vlieërski (*kite surf*) het, durf sy gereeld die Kaapse Suidoos met haar vlieërski aan. Sy is – en haar familie stem saam – vir niks bang nie. Dit is 'n gevaarlike sport en sy weet dinge kan verkeerd loop en dan ... (12)
- 8.5.2 Toe ek klein was, het ons vier jaar saam met ons ouers om die wêreld geseil. (2)
- 8.5.3 nêrens (1)

8.5.4.1	gala-aande	(1)
8.5.4.2	TV's	(1)
8.5.4.3	radio-uitsendings	(1)
8.5.4.4	ge-SMS	(1)
8.5.5	Dui aan dat letters uitgelaat is: Daar is	(1)
8.5.6	kalm	(1)
8.5.7	Ek is dankbaar teenoor my S kepper dat ek hierdie sport kan beoefen.	(1)
8.5.8	beletselteken	(1)
8.5.9.1	Jy moet kophou aangesien dit 'n uitdaging is om die moeilike spronge reg te kry.	(1)
8.5.9.2	Jy kan nie die bewegings vooruit beplan nie; dus maak jy op instink staat.	(1)
8.5.10	materiële	(1)
8.5.11	Ek stel nie in rande, euro's of ponde belang nie. Of iets nou R 10,00 of R 1000,00 kos – dis wat dit vir jou werd is, wat saak maak.	(1)
8.5.12	hê	(1)
8.5.13	Ek het; afkappingsteken	(2)
		[30]

Hoofstuk 9

Viraal: internet fenomenaal?

Luister en praat

Aktiwiteit 9.1 Luister en neem deel aan 'n formele debat

- 9.1.1 Virale video's is koel:
Dit hou mense vinnig op hoogte van wat waar gebeur.
Virale video's is op selfone wat dit makliker maak om te kyk én te versprei.
- 9.1.2 Uitdagende videogrepe wat veral op YouTube versprei word om ander persone af te kraak, te verkleineer, of te beledig is siek. Sommige mense kan hierdie uitdagende video's, wat met die druk van 'n knoppie verspreibaar is, nie hanteer nie en tree soms tot die uiterste op deur byvoorbeeld selfmoord te pleeg. Mense kan die vernedering nie hanteer nie.
- 9.1.3 Kommentaar wat onvanpas is, wat afkraak, is totaal onnodig. Mense is soms ongevoelig oor sosiale media; hulle kyk die persoon mos nie in die oë nie. Dit is dan vir hulle beter om gesigloos kommentaar te lewer oor video's wat versprei is (dikwels uit wraak).
- 9.1.4 Die internet het sy voordele as beste uitvindsel nóg. Dit is makliker om navorsing te doen, om te sien en ervaar wat in die geskiedenis gebeur het en wat huidig (*trending*) is. E-posse is vir almal beskikbaar indien jy 'n selfoon, rekenaar of tablet het.

[10]

Lees en kyk

Aktiwiteit 9.2 Lees vir kritiese taalbewustheid

- 9.2.1 Om verder te studeer word gewoonlik geassosieer met prestasie of om iets te bereik, of om "uit te blink", vandaar die naam "Uitblink Kollege". (1)
- 9.2.2 'n Kollege is 'n instansie waar iemand verder na skool kan studeer om sekere vaardighede aan te leer om hulle voor te berei vir die werksomgewing. (1)
- 9.2.3 Enige DRIE van die volgende:
☐ Die beste studiemateriaal
☐ Jy kan deelyds studeer
☐ Jy kan enige tyd met 'n kursus begin
☐ Goed opgeleide personeel
☐ Kortkursusse kan binne 6 maande voltooi word. (3)
- 9.2.4 Nee, moontlik nie. Daar bestaan baie ander korrespondensie-kolleges, maar Uitblink Kollege adverteer dalk net hul produk/diens beter of aan die regte teikenmark. (2)
- 9.2.5 Mense wat onseker is wat hulle wil doen en nie baie geld wil spandeer op lang-termyn studies nie; mense wat so gou as moontlik vaardighede wil bou om te kan begin werk; mense wat nie kan bekostig om op 'n kampus te studeer nie. (3)
- 9.2.6.1 **vaardigheid:** die vermoë en kennis om iets te kan doen; bekwaamheid/handigheid (1)
- 9.2.6.2 **kursus:** 'n reeks lesse in 'n spesifieke vakgebied volgens 'n vaste plan; leergang (1)
- 9.2.7 Kontakbesonderhede; inligting in verband met kursusse en studierigtings; verwysings deur huidige studente (2)

[14]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 9.3 Skryf 'n advertensie

Leerders kies EEN van die onderwerpe en ontwerp 'n advertensie daarvoor. Gaan na dat hulle die stappe van **proseskryf** volg. Kyk ook dat hul emotiewe taal gebruik – dit is belangrik om die leser te manipuleer met sekere woorde en om die leser persoonlik te betrek. Kyk ook dat hulle voldoen aan die ABBA-beginsel (Aandag, Belangstelling, Begeerte, Aksie).

[30]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 9.4 Voegwoorde

9.4.1 A = Groep 3; B = Groep 1; C = Groep 2 (3)

9.4.2 Groep 1 (1)

9.4.3.1 Die internet is 'n hulpmiddel, tog verwoes dit mense se lewens. (1)

9.4.3.2 Die internet is voordelig, daarom moet ons altyd versigtig wees. (1)

9.4.3.3 Die internet is nuttig, alhoewel soveel tieners as gevolg daarvan swaarkry. **OF** Alhoewel die internet nuttig is, kry soveel tieners as gevolg daarvan swaar. (1)

9.4.3.4 Sommige virusse is skadelik omdat dit inligting op rekenaars vernietig. (1)

9.4.3.5 Stories word teen 'n baie vinnige pas op die internet gelees terwyl mense hul middagete geniet. **OF** Terwyl mense hul middagete geniet, word stories teen 'n baie vinnige pas op die internet gelees. (1)

[9]

Aktiwiteit 9.5 Aksenttekens

9.5.1 móét (1)

9.5.2 dán (1)

9.5.3 kóók (1)

9.5.4 nóg (1)

9.5.5 première (1)

9.5.6 crèche (1)

[6]

Aktiwiteit 9.6 Oefen die gebruik van figuurlike taal

Voorbeeld sinne:

- ☐ Al jou dure les geleer? Nie by ons nie!
- ☐ Koop nou voor die son water trek.
- ☐ Video's gaan viraal. Jy moenie uitmis nie.

[3]

Hoofstuk 10

As ek my bril opsit ...

Luister en praat

Aktiwiteit 10.1 Voer 'n paneelbespreking

Leerders kies EEN van die onderwerpe en voer dan 'n paneelbespreking. Kyk dat elke leerder deelneem, en dat die prosedure van 'n paneelbespreking (soos uiteengesit op bl. 113) gevolg word. Sien na met die rubriek vir mondeling.

Aktiwiteit 10.2 Voer 'n onderhoud

Leerders werk in pare en voer 'n onderhoud oor EEN van die onderwerpe. Merk op of leerders die inligting op bl. 114 gebruik het / of die punte wat hier uitgelig is, deurkom in hul onderhoude.

Lees en kyk

Aktiwiteit 10.3 Argumente vir en teen

Leerders lees die artikel op bl. 115–116 en voer 'n paneelbespreking oor emigrasie. Kyk dat elke leerder deelneem, en sien na met die rubriek vir mondeling.

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 10.4 Lys argumente

Tabel:

Argumente vir: Ja, ek moet emigreer	Argumente teen: Nee, ek moenie ...
Baie misdaad in SA: inbrake by huise, kapings by robotte, misdaadsyfers is hoog, 'n mens is nêrens meer veilig nie.	Daar is baie buitelanders wat in SA belê. As dit vir hulle goed genoeg is, hoekom nie vir my nie?
Minder misdaad oorsee.	Daar is misdaad in ander lande ook.
Beter toekoms vir myself en my kinders (werk, veiligheid, moontlikhede).	Almal wat emigreer het nie 'n suksesverhaal nie: almal kry nie werk nie, ander ervaar meer misdaad daar is hier, ensovoorts.
Suid-Afrikaners is bekend vir hul werksetiek en is daarom gesog vir aanstel by werk – ek sal dus 'n werk kry.	Daar is baie internasionale besigheidmense en studente in SA (hulle kan kies om enige plek te werk, maar dan kom werk hulle hier).
My velkleur en/of geslag tel teen my. Ek sukkel om werk in SA te kry.	Buitelanders ag SA se tersiêre instansies na waarde en kom studeer hier.
Alles wat in SA gebeur, veroorsaak 'n diepe haat in my hart. Ek kan nie meer so leef nie.	Alhoewel SA se medici baie goeie opleiding kry, word daar steeds van hul verwag om oorsee verder te studeer voor hulle daar kan werk. (Hulle studeer reeds 7+ jaar in SA.)
Die belasting is te hoog.	Diskriminasie kom in elke land voor – nie net SA.
Ek gaan beter betaal word oorsee.	Geld is nie alles nie: dit vergoed nie vir wat jy alles prysgee nie / vir emosionele verlies nie.
SA se korrupsie, politiek is een te veel.	Jy verloor jou identiteit, jou kinders moet nuwe gewoontes/taal aanleer, 'n ander kultuur.
	Jou ondersteuningsnetwerk is gebrekkig of bestaan glad nie – jy is aan jou eie lot oorgelaat oorsee.
	Die haat in jou hart word nie in 'n ander land noodwendig minder nie – dit bly deel van jou.
	Watter wêrelddeel kan SA ewenaar wat sy natuurskoon betref?

Aktiwiteit 10.5 Formuleer jou argumente

Leerders verdeel in groepe en kies EEN van die onderwerpe vir bespreking. Leerders moet die onderwerp aan die klas voorstel, en dan hul argumente vir/teen die saak bespreek. Kyk dat elke leerder deelneem, en sien na met die rubriek vir mondeling.

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 10.6 Diftonge

10.6.1	paaie	(1)
10.6.2	paaie	(1)
10.6.3	baie; Ooie	(2)
10.6.4	baie; koeie	(2)
10.6.5	Ai; raakgery	(2)
10.6.6	wei; kou-kou	(2)
10.6.7	Geen tweeklank	(1)
10.6.8	Suid	(1)
		[12]

Aktiwiteit 10.7 Homonieme

10.7.1	Daar is baie mis in die beeskraal. Die netbalspeler gooi die doelpaal mis .	(2)
10.7.2	Ek moet leer om my groente saam met my vleis te eet. Die leer , waarmee ek by die dak moet opklim, is stukkend.	(2)
10.7.3	Die meisies by die matriekafskeid lyk baie mooi. Daar is 'n lyk in die lykwa.	(2)
10.7.4	Dit is vir my 'n kruis om so kort te wees – almal spot my. Elke kerk het êrens 'n kruis in die gebou.	(2)
10.7.5	Ek hoop met elke wedstryd dat ons gaan wen. Daar is 'n groot hoop sand op die bouverseel.	(2)
10.7.6	Tydens 'n droogte kan jy nie bekostig dat jou krane lek nie. Die beeste lek dors aan die bietjie water wat oor is.	(2)
10.7.7	By sommige vakansieplekke naby die see, is die drinkwater brak . Ons bure het 'n lelike brak wat die heeldag blaf!	(2)
10.7.8	Jy moet mooi op die maat van musiek dans wanneer jy met iemand dans. My beste maat van die laerskool is saam met my na diesselfde hoërskool toe.	(2)
10.7.9	Boere moet soms voer aanry vir hul beeste. Boelies staan gewoonlik in hoekies en voer sulke geheime gesprekke. Die mamma voer haar babatjie lepelsvol <i>Purity</i> .	(2)
10.7.10	Diewe steel gewoonlik die goed wat hulle maklik kan wegdra. Die steel van my oupa se pyp is al blink gevat.	(2)
10.7.11	Die pas in skole raak al hoe vinniger. Ek het geweet die trui gaan my nie pas nie.	(2)
10.7.12	Ek wens my hare was nie so steil nie – ek wil so graag krulhare hê. Ons moet die steil bult uitklim as ons bo wil uitkom.	(2)
		[24]

Aktiwiteit 10.8 Homofone

- 10.8.1 ys; Ek **eis** dat die Wiskunde-toets te moeilik gaan wees.
my; In die maand van **Mei** begin dit al meer reënerig raak. (4)
- 10.8.2 reëlins; Die **relings** van die trappe is besig om los te kom. (2)
- 10.8.3 styl; Die bergpas is te **steil** om met 'n fiets te ry. (2)
- 10.8.4 weier; Jy sal die hek **wyter** moet maak, anders kan ek nie deurry nie. (2)
- 10.8.5 syne; Die Indiane het jare gelede **seine** met rook gestuur.
end; Ek het 'n hele **ent** saam met my hond gestap.
moet; Somtyds verloor 'n mens te vinnig **moed** – jy moet glo, uithou en aanhou! (6)
- 10.8.6 feit; Die **fyt** aan my vinger is baie seer.
bont; Daar is 'n **bond** tussen ons wat nooit verbreek kan word nie; 'n broederbond. (4)
- 10.8.7 lei; Ek **ly** aan 'n ongeneeslike siekte. (2)
- 10.8.8 hard; My ma is iemand met 'n sagte **hart**. (2)
- [24]

Aktiwiteit 10.9 Paronieme

- 10.9.1 Jy kan nie iemand **veroordeel** sonder dat jy al die feite het nie.
By die Eistedfood word jy **beoordeel** volgens 'n sekere standaard. (2)
- 10.9.2 Sy word **verdink** daarvan dat sy die beursie gesteel het.
Ek het my **bedink** ... om per fiets soontoe te ry, gaan te lank vat.
Ons moet hierdie situasie **deurdink** – ons sal iewers 'n oplossing kry. (3)
- 10.9.3 Moet jou nie oor sulke klein goedjies **ontstel** nie!
My ma moet my broek se soom **verstel**.
Bestel solank vir my 'n hamburger, ek is nou daar. (3)
- 10.9.4 Om 'n **kinderlike** uitkyk op die lewe te hê, is nie verkeerd nie.
Om steeds **kinderagtig** op te tree as jy 40 is, is belaglik. (2)
- 10.9.5 Daar is vreeslik baie nuwe **gevangenes** in die tronk.
Die nuwe **gevangenis** is met betonblokke gebou. (2)
- 10.9.6 Jy moet mense 'n **tydige** waarskuwing van die vergadering gee.
Dit was net 'n **tydelike** ooreenkoms, want môre keer alles terug na normaal. (2)
- 10.9.7 Ons het 'n **intensiewe** ondersoek na die diefstal in die skool geloods.
Die winters in die Vrystaat word gekenmerk aan **intense** koue. (2)
- 10.9.8 Jy moenie van iemand se goedheid **misbruik** maak nie.
Selfone wat nie slimfone is nie, het in **onbruik** verval.
Die **verbruik** van dagga moet verbied word. (3)
- [19]

Aktiwiteit 10.10 Bywoorde

- 10.10.1 'n Tiener wou **gister** vir sy rekenaarspeletjie betaal. (tyd) (1)
- 10.10.2 Hy het sy beursie **styf** in sy hand vasgehou. (wyse) (1)
- 10.10.3 'n Dief het **rustig** verby die winkel gestap. (wyse) (1)
- 10.10.4 Hy het **binnetoe** gehardloop. (plek) (1)
- 10.10.5 Sy beursie is **vinnig** uit sy hand gegryp. (wyse) (1)
- 10.10.6 Daar het **oorkant** 'n fiets teen 'n heining geleun. (plek) (1)
- 10.10.7 'n Skoonmaker het gesien wat gebeur het en **blitsig** op die fiets gespring! (wyse) (1)
- 10.10.8 Hy het die dief **doer** ingehaal en die beursie teruggekry. (plek) (1)
- 10.10.9 'n Joernalis het **onmiddellik** hieroor berig. (tyd) (1)
- 10.10.10 Die storie was die **volgende** aand op televisienuus. (tyd) (1)
- [10]

Aktiwiteit 10.11 Trappe van vergelyking

- 10.11.1 vroeg – vroeër – vroegste (2)
- 10.11.2 hoog – hoër – hoogste (2)
- 10.11.3 naby – nader – naaste (2)
- 10.11.4 fluks – flukser – fluksste (2)
- 10.11.5 deeglik – deegliker – deeglikste (2)
- [10]

Aktiwiteit 10.12 Soorte sinne

- ☐ 'n Paar jaar gelede het Johan Fourie 'n malteser-hondjie present gekry. (Enkel)
- ☐ Johan is 'n kranige fietsryer. (Enkel)
- ☐ Die hondjie het langs hom gedraf as hy fiets gery het. (Saamgesteld)
- ☐ Hy besluit toe eendag om die hondjie op sy skouer te sit en te kyk of die hondjie so kan saamry. (Saamgesteld)
- ☐ Die hondjie, Vlekkie, het tjoepstil gesit! (Enkel)
- ☐ Vandaar het dit 'n gereelde ding geword. (Enkel)
- ☐ Vlekkie het haar eie bril. (Enkel)
- ☐ Haar voorpote is op Johan se bors. (Enkel)
- ☐ Haar lyfie is om sy nek en só anker sy haar met elke fietsrit. (Saamgesteld)
- ☐ "Die mense in hulle motors kyk ons verbaas aan!" (Enkel)
- ☐ Dit is vir Johan lekker as hy mense kan laat glimlag. (Saamgesteld)
- ☐ Hy vertel dat hulle hom soms stop om 'n foto te neem en dan gesels hulle lekker. (Saamgesteld)
- ☐ Dink hy mense het aanvanklik nie daarvan gehou nie? (Saamgesteld)
- ☐ Dis moontlik, erken hy. (Saamgesteld)
- ☐ Maar Vlekkie vertrou hom en hy kyk baie mooi na haar. (Saamgesteld)
- ☐ Hy stop elke vyf kilometer. (Enkel)
- ☐ Dan rus sy. (Enkel)
- ☐ En dan kan sy nie wag om weer op te klim nie! (Saamgesteld)
- ☐ Mense moenie net 'n man en 'n hond op 'n fiets raaksien nie. (Enkel)
- ☐ Hulle moet 'n kans raaksien om te glimlag en te ontspan. (Saamgesteld)
- ☐ Johan word dus nie net fiks met fietsry nie. (Enkel)
- ☐ Hy en Vlekkie het elke dag die kans om ander mense se dag te maak! (Saamgesteld)

[22]

Aktiwiteit 10.13 Skryf sinne oor

- 10.13.1 Johan en Vlekkie hou van fietsry terwyl hulle lang wolwefluite fluit en vinnig trap. (2)
- 10.13.2 Mense, wat daarvan hou om na foto's te kyk, neem gereeld video's. (2)
- 10.13.3 Vlekkie is mal oor haar eienaar en sy spring gereeld op sy skoot. (2)
- 10.13.4 Hulle ry amper 18 km 'n dag terwyl ons soms lank by die robotte moet wag. (2)
- 10.13.5 Daar is mense wat dink dit is simpel, maar dis omdat hulle nie van beter weet nie. (2)
- 10.13.6 Maar – sit op jou bril en maak seker dat jy met 'n positiewe houding na dinge kyk! (2)

[12]

Aktiwiteit 10.14 Tye

- 10.14.1.1 Ek kon nie al my rommel weggooi nie. (1)
- 10.14.1.2 Ek het elke maand 5 kg se rommel herwin! (1)
- 10.14.1.3 As almal dit net wou doen, sou die wêreld 'n beter plek wees. (1)
- 10.14.1.4 Sommige mense het weier geweier om só daarna te kyk. (1)
- 10.14.1.5 Hulle het dit as onnodig beskou om te herwin. (1)
- 10.14.1.6 Ons graad 9's het jaarliks 'n rommel-modeparade gehou. (1)
- 10.14.1.7 Dit was groot pret! (1)
- 10.14.1.8 Hulle het in die tegnologieklas geleer hoe om die produkte te verwerk. (1)
- 10.14.1.9 Die graad 9's moes in groepe opdeel. (1)
- 10.14.1.10 Almal wou die modeparade bywoon en foto's neem! (1)
- 10.14.2.1 Mense sal begin om anders na die aarde se toestand te kyk. (1)
- 10.14.2.2 Hulle sal besef dat 'n ander perspektief die antwoord was. (1)
- 10.14.2.3 Elke gesin in ons buurt sal weekliks hulle koeldrankbottels herwin. (1)
- 10.14.2.4 Dit sal die enigste manier wees hoe ons ons hulpbronne kan red. (1)

[14]

Aktiwiteit 10.15 Hersiening

- | | | | | | |
|-----------|---------------------|-----|------------|-------------------|-----|
| 10.15.1.1 | alkoholis | (1) | 10.15.1.5 | musikant/musikus | (1) |
| 10.15.1.2 | argitek | (1) | 10.15.1.6 | analisis | (1) |
| 10.15.1.3 | narkotiseur | (1) | 10.15.1.7 | wetenskaplike | (1) |
| 10.15.1.4 | kritikus | (1) | 10.15.1.8 | idealis | (1) |
| 10.15.2.1 | Indonesiër | (1) | 10.15.2.5 | Ghanees | (1) |
| 10.15.2.2 | Japanees / Japanner | (1) | 10.15.2.6 | Kapenaar | (1) |
| 10.15.2.3 | Fransman | (1) | 10.15.2.7 | Durbaniet | (1) |
| 10.15.2.4 | Australiër | (1) | 10.15.2.8 | Israeliet | (1) |
| 10.15.3.1 | Skotse | (1) | 10.15.3.4 | Switserse | (1) |
| 10.15.3.2 | Russiese | (1) | 10.15.3.5 | Johannesburgse | (1) |
| 10.15.3.3 | New Yorkse | (1) | 10.15.3.6 | Europese | (1) |
| 10.15.4.1 | idiomatiese | (1) | 10.15.4.6 | kinderlike | (1) |
| 10.15.4.2 | luukse | (1) | 10.15.4.7 | professionele | (1) |
| 10.15.4.3 | hipnotiese | (1) | 10.15.4.8 | verbode | (1) |
| 10.15.4.4 | impulsiewe | (1) | 10.15.4.9 | gevrore/bevriesde | (1) |
| 10.15.4.5 | jong | (1) | 10.15.4.10 | diplomatiese | (1) |
| 10.15.5.1 | noordewind | (1) | 10.15.5.5 | pannekoek | (1) |
| 10.15.5.2 | hakiesdraad | (1) | 10.15.5.6 | werktyd | (1) |
| 10.15.5.3 | kinderverhaal | (1) | 10.15.5.7 | danssaal | (1) |
| 10.15.5.4 | slapenstyd | (1) | 10.15.5.8 | inskrywingsdatum | (1) |

[40]

Hoofstuk 11

Generasie Z

Luister en praat

Aktiwiteit 11.1 Moontlike antwoorde

- 11.1.1 Ouma sukkel met tegnologie; sy sien gevare in alles. Jy ken niks anders as tegnologie nie. Soms is jy egter gelukkig en dan is jou ouma baie byderwets en heeltemal op hoogte van tegnolgie.
- 11.1.2 Jou ma wil dikwels aan jou voorsê soos sy groot gemaak is. Sy wil hê jy moet na skool gaan studeer, 'n vaste werk kry, al die byvoordele van 'n vaste werk hê, ensovoorts. Jy wil dalk jou eie besigheid begin, of die wêreld sien op 'n platsakbegroting.
- 11.1.3 Ma en Ouma dink 'n netjiese katoenhemp en langbroek is gepas vir 'n seun en jy hou van 'n T-hemp en driekwartbroek. Hulle glo jou klere moet mooi pas, maar jy hou van oorgrootklere. As meisie hou jy van kort toppies en kortbroekies, maar Ma en Ouma glo dis stranddrag. Jou donker grimering laat hulle spoke opjaag.
- 11.1.4 Hulle kla oor alles; hulle hou daarvan om met jou te spog voor familie.
- 11.1.5 Jou kamer is altyd deurmekaar, jy speel jou doef-doefmusiek en jy eet heeldag.
- 11.1.6 Oupa lees koerant en hy wil met sy kleindogter praat. Sy lees nuus op haar selfoon en sy kommunikeer op haar blog.
- 11.1.7 Hulle wou weet waar skryf 'n mens die hutsmerk by STOMPI /woordorde.
- 11.1.8 Dis 'n simbool
- 11.1.9 Dis 'n manier om 'n gespreksonderwerp aan te dui.

[20]

Lees en kyk

Aktiwiteit 11.2 Lees 'n gedig

Lees die gedig saam met die klas deur. Die woorde "Here be dragons" verwys na gevaarlike en ontoeganklike gebiede. Dit hou verband met die middeleeuse gebruik om illustrasies van drake en seemonsters en ander mitologiese kreature op ongekarteerde areas van landkaarte te plaas.

Aktiwiteit 11.3 Beantwoord vrae oor 'n gedig

- 11.3.1 Net 'n kodewoord (1)
- 11.3.2 dagga; onbetaamlike onderwysers (2)
- 11.3.3.1 Kletsvriende (1)
- 11.3.3.2 net kletspraatjies, geen diepte (1)
- 11.3.4.1 figuurlik (1)
- 11.3.4.2 Die vlae verwys na sukses wat behaal word; die erfenis wat hulle kan nalaat. (1)
- 11.3.5 Beklemtoon die kind se behoefte aan vry wees/ontdekking van die lewe (1)
- 11.3.6.1 USB (1)
- 11.3.6.2 Ja. Dit dui op sy pa se vermoë om dit wat die kind sê in sy gedagtes te stoor, met ander woorde aandag daaraan te gee en waarlik te luister; ter harte te neem. (1)

- 11.3.7 Gaan sy pa hom aan homself oorlaat of kan hy op sy pa se emosionele steun en rasionele raad staat maak? Gaan sy pa hom ignoreer/wegstoot sodat hy die lewensstorme alleen moet veg? (2)
- 11.3.8 Pa en seun dink nie eners oor tegnologie of die behoefte aan wegbreek nie. (2)
- 11.3.9 Die pa. Dis die pa se manier om die kind te waarsku teen die onbekende. (2)
- [16]**

Aktiwiteit 11.4 Beantwoord vrae oor 'n roman

- 11.4.1 Sy wil in 'n winkel gaan werk en saans verder studeer. (2)
- 11.4.2 Hulle bied klasse in Engels aan en na graad 9 sal sy na die Afrikaanse skool op die dorp moet gaan en die standaard is beter op die dorpskool. (2)
- 11.4.3 Hy het haar aangeraai om te gaan geld vra by Stefaans Marias sodat sy dorpskool toe kon gaan. (1)
- 11.4.4 Ja. Stefaans het ingestem om vir haar skoolopleiding in die dorp te betaal. (1)
- 11.4.5.1 Hy wou hê Tina moes by hom kom woon. (1)
- 11.4.5.2 Sy sou by haar ma en grootmaakpa bly. (1)
- 11.4.5.3 Sy het aangedui dat dit vir haar lekker by die huis was. (1)
- 11.4.5.4 Ja. Sy was deel van daardie gesin. (1)
- 11.4.6 Sy was dalk, maar sy het nie belanggestel in huisskoonmaak nie. Sy was tog fluks as dit by leer of teken kom; selfs die maak van die tjokbrokke. (2)
- 11.4.7 Sy het nie gedink die juffrou weet nie. (1)
- 11.4.8 Sy het nie geweet Tina weet dit nie. (1)
- 11.4.9 Haar pa het haar aanvaar. (1)
- [15]**

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 11.5 Skryf 'n beredeneerde opstel

Leerders kies EEN van die onderwerpe en skryf 'n **beredenerende** opstel van 200–250 woorde. Leerders moet die stappe volg soos uiteengesit op bl. 131: beplanning, konsep, redigeer en proeflees, en aanbieding. Leerders handig hulle finale skryfstuk in. Sien die opstelle na met behulp van die nodige rubriek.

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 11.6 Gemengde taaloefening

- 11.6.1 Byname. In 'n oop lettergreep word die een vokaal weggelaat. (2)
- 11.6.2 tablette; toestelle; verlengstukke. Ten einde die vokaal in die laaste lettergreep kort te hou, word die konsonant verdubbel. (3)
- 11.6.3 ontronding; oorronding (2)
- 11.6.4 skootrekenaar; aanlynspelletjies (2)
- 11.6.5 lewe; eis; fout (3)
- 11.6.6 verbind – ontbind; verwerk – bewerk

- 11.6.7 dissiplineer; begryp (2)
- 11.6.8 geboorte; gebeurtenis; prestasie; mislukking (4)
- 11.6.9 Ouers moet gereeld ruitelik erken as hulle fouteer. (2)
- 11.6.10 Ons ouers moet ons daaglik onvoorwaardelik vertrou. (2)
- 11.6.11 Hulle moet baie mooi verduidelik. (1)
- 11.6.12 Ouers (onderwerp) moet toon (gesegde) begrip (voorwerp). (3)
- 11.6.13 Ouers (onderwerp) in ons lewens (indirekte voorwerp) moet belangstel. (gesegde) (3)
- 11.6.14 Hulle moet mooi verduidelik waarom ons dinge nie moet doen nie aangesien “sommer” nie ’n goeie rede is nie. / Hulle moet mooi verduidelik waarom ons dinge nie moet doen nie, want “sommer” is nie ’n goeie rede nie. (2)
- 11.6.15 Jy kan dit aanvaar. Hulle sal binnekort al hul inkopies aanlyn doen. **dat** (1)
- 11.6.16 Ek maak vanaand vir ons gesin ’n lekker hoenderdis. (1)
- 11.6.17 Die goeie fee sal my wens laat waar word. (1)
- 11.6.18 herken (1)
- 11.6.19.1 Ma het die baba se neus afgevee.
Ma sal die baba se neus afvee. (2)
- 11.6.19.2 Ek het jou as vriend op Facebook aanvaar.
Ek sal jou as vriend op Facebook aanvaar. (2)
- 11.6.19.3 Dit het my opgeval dat Generasie Z baie oor hulle toekoms stres.
Dit sal my opval dat Generasie Z baie oor hulle toekoms stres. (2)
- 11.6.19.4 Hulle het geen probleme met tegnologie ondervind nie.
Hulle sal geen probleme met tegnologie ondervind nie. (2)
- 11.6.19.5 “Baby Boomers” het in hulle kleinkinders belanggestel.
“Baby Boomers” sal in hulle kleinkinders belangstel. (2)
- 11.6.19.6 Vorige generasies het oorboord gegaan met Facebook.
Volgende generasies sal oorboord gaan met Facebook. (2)
- 11.6.19.7 Hierdie jong generasie se planne het nie misluk nie.
Hierdie jong generasie se planne sal nie misluk nie. (2)

[51]

Hoofstuk 12

Ha Ha! = Humor

Luister en praat

Gee agtergrond oor Tolla van der Merwe. Speel dan vanaf You Tube “Die boer en die jongmeisie” (<https://www.youtube.com/watch?v=8eHuuSb7CRg>). Herinner leerders aan die volgende om die opdrag suksesvol uit te voer:

- ☐ Skryf al die Engelse woorde wat Tolla gebruik, neer.
- ☐ Bepaal wie die hoofkarakters in die storie is.
- ☐ Skryf die vraag van die bruid neer.
- ☐ Skryf die antwoord van die bruidegom op die vraag neer.

Aktiwiteit 12.1 Luister na 'n storie

- 12.1.1 *ratrace* – sinlose wedloop
 battle of survival – stryd om oorlewing
 honeymoon – wittebrood
 honeymoon suite – wittebrood suite/kamer
 suit – pak klere
- 12.1.2 Hoofkarakters is die Boer/ouman en die jongmeisie

Aktiwiteit 12.2 Vrae oor 'n storie

Leerders werk in hul groepe en besluit wat die antwoord van die boer aan sy bruid was. Laat die leerders vir die klas vertel wat vir hulle snaaks was. Moedig die leerders aan om Jan Spies se boek uit te neem, of fotostateer vir elkeen 'n kopie. Gee 'n datum waarop hulle moet kom vertel wat vir hulle snaaks was aan die storie.

Aktiwiteit 12.3 Visuele geletterdheid

- 12.3.1 Hom/dit vir die gek hou, belaglik voorstel. (1)
- 12.3.2 Wanneer jy baie goed daarin is. (1)
- 12.3.3 Hulle stel die dood/gevaar voor. (1)
- 12.3.4 Die draak voel nie eens die swaard nie, wat die doodsteek van die draak belaglik maak. (1)
- 12.3.5 Alle gr.12 's/ouers wat gr.12-leerders het. (1)
- 12.3.6 Hulle glimlag en die seun wys die vredesteke. (2)
- 12.3.7 Die manier waarop die pa met sy arms staan. / Die pa se oë. (1)
- 12.3.8 Hy beskou nie die matriekeksamen as belangrik/moeilik nie. (1)
- 12.3.9 Die perderuiter wat van die petrolpomp 'n perd maak. (1)
- 12.3.10 Leerder se eie mening, gemotiveerd. (2)

[12]

Aktiwiteit 12.4 Informele bespreking

Formele Asseseringstaak 8: Die leerders moet in hul groep besluit wie is die gewildste Suid-Afrikaanse komediant. Elkeen kies 'n gedeelte soos uiteengesit op bl. 139 waaroor hy/sy wil gesels. Hulle gaan lees by die huis so bietjie meer oor dié komediant. Verwys leerders terug na hoofstuk 7 vir die prosesse tot 'n goeie toespraak. Gee 'n assesseringsrubriek aan elke leerder. Laat elkeen iemand assesseer. Sodoende leer hulle sommeer waarvoor geassesseer word.

Lees en kyk

Aktiwiteit 12.5 Begripsvrae

Lees die drie tekste saam met die leerders en verduidelik die moeiliker woorde. Maak seker die leerders verstaan die inhoud van die tekste en wys ook op die verskil tussen register, toon en styl.

Aktiwiteit 12.6 Beantwoord 'n begripstoets

- 12.6.1 Dit is ons daaglikese lewe. (1)
- 12.6.2 Daar is mense met wie jy 'n verhouding het/hou saamleef, maar hulle het geen invloed op jou lewe nie. (1)
- 12.6.3 Kennisse (1)
- 12.6.4 Hulle is opreg, stel werklik belang en maak 'n wesenlike verskil in jou lewe. (3)
- 12.6.5 Van ek kan onthou (1)
- 12.6.6 Tannie Baby Fritz (1)
- 12.6.7 Arbeidsaamheid/werkohlis (1)
- 12.6.8 Sy het daarvan gehou om te sien hoe lekker eet mense aan haar kos. (1)
- 12.6.9 12.6.9.4 (1)
- 12.6.10 Ja, sy het jou getroos en verpleeg. (2)
- 12.6.11 Sy sê sy is geskok deur haar dood./Sy sal altyd met hartseer aan haar dink. (1)
- 12.6.12 AFG-STUDIO bied dit aan. (1)
- 12.6.13 Mense wat moeg gejaag is en daaglik sukkel. (2)
- 12.6.14 My lewe is ook 'n gejaag en ek sal hier kan leer hoe om dit te verander. / Ek is 'n aanhanger van Hemelbesem/Luanell, maar gewoonlik het ek nie geld om na hulle te gaan luister nie; hierdie vertonings is gratis. (1)
- 12.6.15 Die model/maak is te oud. / Die motor is reeds sewe jaar oud. (1)
- 12.6.16 Die motor is goed opgepas/is soos nuut en het nuwe bande/min kilometers. (2)
- 12.6.17 Die poedel is ingeënt/maniere geleer. (1)
- 12.6.18 Die Chevrolet Aveo✓. Omdat die persoon se lewe 'n gesukkel of gejaag is, sal hy/sy nie tyd hê om om te sien na 'n goedopgepaste motor nie./'n Goedopgepaste motor sal te duur wees vir die sukkelende persoon. ✓ (2)
- 12.6.19 Die komediant sal die skrywer laat lag en van sy/haar hartseer laat vergeet. (2)
- 12.6.20 Die huldeblyk is persoonlik en die advertensie saaklik. (1)
- 12.6.21 Almal welkom/ Gratis / Kom kuier saam met ons. (Enige TWEE) (2)
- 12.6.22 Ja, dit is op die man af/kort en kragtig/net die nodige word gegee. (1)

[30]

Skryf en aanbied

Aktiwiteit 12.7 Skryf 'n kennisgewing

Lig uit dat die doel van 'n kennisgewing die oordra van inligting is. Laat leerders groot bo-aan hul beplanningsbladsy skryf: WIE, WAT, WAAR, WANNEER, HOEKOM. Leerders beplan die konsep vir hul kennisgewing en skryf ("draft") die eerste poging in die klas. Die kennisgewing moet 80–100 woorde lank wees. Gaan na of daar bewyse is dat leerders hul eerste poging hersien en redigeer het. Die finale produk moet ingehandig word, en word gemerk met die nodige rubriek.

Aktiwiteit 12.8 Skryf 'n formele brief

Leerders voer die opdrag uit: hulle moet 'n brief skryf aan Trevor Noah se bestuurder en navraag doen oor 'n moontlike optrede. Die inhoud van die brief moet 120–150 woorde beslaan. Kyk dat leerders die korrekte formaat gebruik en binne die woordtal hou. Leerders moet hul werk nagaan (hersien, redigeer, proeflees) voordat hulle dit inhandig (aanbied). Sien die brief na aan die hand van jou rubriek.

[30]

Taalstrukture en -konvensies

Aktiwiteit 12.9 Woordeboekgebruik

12.7.1 skat: 'n dierbare persoon; iemand vir wie jy lief is/omgee; troetelnaam (*dear*)
Liewe: iemand lief en dierbaar/vriendelik, iemand met 'n goeie hart (*Dear*)
kleinboet: troetelnaam vir 'n klein seuntjie, veral onder ouer kinders (*little brother*)
dare: waarsynlik; regtig, werklik (*at least, probably / truly, really*)
lekker: iets wat aangenaam/genietlik is, wat vir jou plesier bring (*nice*)
stil: sonder geluid; kalm/rustig/vreedsaam (*quiet/relaxed*) (6)

12.7.2 darem
kleinboet
lekker
liewe
skat
stil (6)
[12]

Aktiwiteit 12.8 Woordvorming

Hierdie is 'n hersieningsoefening. Laat hulle twee-twee werk en kyk watter groep is eerste klaar. Indien u agterkom die leerders het probleme met woordvorming, moet u dit vinnig behandel.

12.8.1 g – "ring" en "tong"; simpleks (3)
12.8.2 tongring (2)
12.8.3 vingers; kompleks (2)
12.8.4 ringvingers; Nee, dis 'n samestellende afleiding./Dit bestaan nou uit twee stamme en 'n afleidingsmorfeem. (3)
[10]

Aktiwiteit 12.11 Betreklke voornaamwoorde

12.9.1 Die huiseienaar **wat** ek gegroet het, is Susan se neef. (1)
12.9.2 Die huishulp **waarmee** ons gesels, is vriendelik. (1)
12.9.3 Ek neem 'n foto van die huis **wat** pers geveerf is. (1)
12.9.4 Die kinders **waarmee** ons in die huis gespeel het, is goed gemanierd. (1)
12.9.5 Die huis **waarvan** ek praat, is in Port Elizabeth. (1)
[5]

Aktiwiteit 12.12 Figuurlike woordgebruik

12.10.1 Die man gaan die uil opknip. (1)
12.10.2 Dit beteken om 'n rukkie te slaap/in te sluimer. Hierdie uitdrukking is figuurlik bedoel. (1)
[2]

Aktiwiteit 12.13 Doeblatte

12.11.1	kwes	(1)	12.11.4	kryt	(1)
12.11.2	teiken	(1)	12.11.5	twak	(1)
12.11.3	daarom	(1)			

[5]

Aktiwiteit 12.14 Woordsoorte

¹ b		² e	i	e	n	a	a	m		³ s	o	o	⁴ r	t	n	a	a	m
y													a					
⁵ v	o	o	r	s	e	t	s	e	l				n					
o													g					
e		⁶ v	r	a	e	n	d		⁷ b	e	s	i	t	l	i	k		
g													e					
⁸ l	i	d	w	o	o	r	d						l					
i												⁹ b	y	w	o	o	r	d
k													o					
e			¹⁰ h	u	l	p	w	e	r	k	w	o	o	r	d			
n													r				¹¹ v	
¹² a	b	s	t	r	a	¹³ k							d				o	
a						o											e	
m				¹⁴ o	n	p	e	r	s	o	o	n	l	i	k		g	
w						p											w	
o		¹⁵ t	u	s	s	e	n	w	e	r	p	s	e	l			o	
o						l											o	
r																	r	
d			¹⁶ v	e	r	s	a	m	e	l	n	a	a	m			d	

[16]

Hoofstuk 13

Ruimte is koel, só koel

Luister en praat

